Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14/ no. 3
Maart 2005

DIE LAASTE VYAND

Waarom oor die dood skryf? Is dit om ons laaste hoop weg te neem? Die teendeel is waar! Wanneer ons van die dood praat, is dit geen neutrale verskynsel waaroor ons iets te vertel het nie. Hier het ons te doen met ons laaste vyand wat oorwin word. Christene se gesprek oor die dood behoort altyd plaas te vind binne die konteks van die Christelike verwagting. Ons leef uit die verwagting dat Christus se wederkoms die dood finaal wegneem. Die dood sal doodgemaak wees deur die lewe van Christus.

Intussen beweeg ons nie met oogklappe deur die wêreld nie. Ons leef in 'n wêreld waarin daar eindelose wanhoop, lyding en dood is. Selfs die hele skepping sug onder die verganklikheid. In ons land kan ons moeilik ontkom aan die gereelde dood deur geweld. Die geweld van aborsies ontgaan ons dikwels te maklik. Wie sien dit eintlik raak. Ons ken dit deur statistieke wat ons bekend word. Enkeles van ons leef self met die gewetenswroeging deur eie betrokkenheid by die neem van 'n ongebore kind se lewe. Wie kan die pyn van hierdie geestelike stryd in woorde uitdruk? Niemand van ons is onaangeraak gelaat na die geweld van die tsunami wat sulke groot dele van Suidoos-Asië getref het nie. Die dood het lewendig voor ons kom staan!

Hoe kyk ons te midde van hierdie groot werklikheid na die dood? Ons kan die dood probeer verdring deur dit dood te ignoreer. Druk dit ver weg van jou. Kennelik kan dit deur die geweldige vooruitgang in die mediese wetenskap. Die toename in mediese kennis het 'n groot afstand tussen ons ervaringswêreld en die dood geskep. Die dood kan deur mediese ingrepe gereeld weer weggedruk en die toekoms in geskuif word. By ernstige siekte word nie meer eerste gevra wat die Here se wil is nie, maar eerder die dokter se vaardighede, middele en moontlikhede.

Ons sal (weer) moet leer om met die dood om te gaan anders as net televisiebeelde van die dood in films of teëspoed in ander se lewens wat ons voorgehou word in die lewe van ander. Christus se opstanding uit die dood, beteken nie dat die dood nie meer ook óns vyand is nie. Die dood is steeds 'n magtige vyand. Dit wat ons in Genesis 5 soos 'n eentonige refrein lees: "en hy het gesterf ... en hy het gesterf … en hy het gesterf" klink ook nog in ons tyd. Ons sal die dood alleen kan vermy deur 'n vroegtydige wederkoms van Christus wat die lewe finaal laat triomfeer. Die nagmaalsformulier noem nie verniet ons lewe 'n gedurige sterwe nie. Die angel van die dood is die sonde (1 Kor. 15:56). Verdringing van die dood maak ons blind vir ons voortgaande stryd teen die sonde vanuit Christus se oorwinning.

EV

In Hierdie Uitgawe

Tema: Die dood en Sterwensproses

- **Die dood in die Paradys 2**
- **Kubler- Ross: Dood & Sterwe 3**
- **Funksionele dood 5**
- **Kremasie/Verassing 7**
- Beraad: Teologiese Opleiding 8
- Die Hospies 10
- Kagisong Hospies 11
- Die Hospies 10
- Boekbespreking 14
- Aros - jaar van die proefkonyne 15
- Bybelboek: Nahum 16
- Liturgie 19
- Musiek en erediens (II) ... 20
- Musiekterapie 23

DIE DOOD WEL IN DIE PARADYS, MAAR NIE OP DIE NUWE AARDE NIE

Prof. dr. J. Douma en ds. A.H. Verbree

TEMA: DIE DOOD EN STERWENSPROSES

Die outeurs van hierdie artikel het ‘n Bybelkursus aangebied oor Genesis 1-3. Die vraag is gevra of die wêreld direk na die skepping die dood geken het. As gras, plante en vrugte geëet mog word, kan ‘n mens redelikerwys aflei dat in hierdie sektor van die lewe die dood wel aanwesig was. Daar is genoem dat gras weer opskiet nadat dit afgeëet is; maar hierteenoor lewe die opgevrete gras en die verbruikte vrug nie verder nie.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943
E-pos (stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma
Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. J van Dijk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 332-1107

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos • 40

DIERERYK

Daarmee is egter nog nie gesê dat die dood ook in die diereryk ‘n realiteit was nie. Genesis 1:29: *Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees*, Die verskil is duidelik: die mens eet nie gras nie, maar koring en vrugte. Die diere eet gras. Maar het alle diere vanaf hul skepping net gras geëet? Wat van die groot seediere? En die wilde diere wat God “volgens hulle soorte” geskape het? Moet ons aanvaar dat ‘n leeu en ‘n krokodil so mak soos skape was en net gras geëet het? As hulle geskape is met gevaarlike slagtande en kloue, is dit moeilik om aan te neem dat hulle so toegerus was net om gras te eet!

Dink aan wat God vir Job gesê het oor die skepping van ‘indrukwekkende’ diere (Job 39 en 40). Hy praat van die leeuwyfie wat haar prooi jag, van die adelaar wie se kleintjie bloed slurp, en van die gevaarlike krokodil.

ONDERWERP

Was daar dan nie vrede in die pas geskape wêreld nie? Was alles dan nie baie goed geskape nie? Ja, natuurlik. Maar daarom kon die mens wel geskape gewees het in ‘n wêreld waarin God die groot seediere en ander gevaarlike wild geskape het waar Hy mee kan speel, maar waarvoor die mens versigtig sal wees (Job 40:24, Psalm 104:26). Die mens kon in hierdie wêreld wat na die sondeval dreigend vir hom geword het, voor die sondeval in alle rus en vrede met God verkeer. Daar is vir hom ‘n tuin gemaak vanwaar hy sonder sorge met sy arbeid in hierdie wêreld kon begin.

Maar hy moes wel die aarde onderwerp en daaroor heers. Daar was dus werk om te doen in ‘n wêreld wat nie net vreedsame nie, maar ook ontsagwekkende aspekte geken het. As die roofvoël en die leeu hulle prooi jag wat God hulle gegee het (Psalm 104:21), dan is dit van ‘n heeltemal ander aard as wanneer mense mekaar aanval. God het diere geskep wat vir voedsel van ander diere afhanklik was. Die skepping was baie goed, ook toe Hy diere geskep het wat volgens hulle soort geen gras geëet het nie, maar ander diere. Die skeppingswêreld was woester as wat dikwels gedink word. As iemand sê dat wilde diere wel volgens hulle soort geskape is, maar dat hulle ware aard eers na die sondeval sigbaar geword het, dan plaas ons met die boek Job in die hand groot vraagtekens daaragter.

VREDERYK

Maar sê Paulus nie dat deur die sonde van die mens die dood in die wêreld gekom het nie (Romeine 5:12)? Dit ontken ons nie, en daarom het ons nie van die dood van mense nie, maar van diere gepraat. Paulus praat in Romeine 5 nie oor die dood in die algemeen nie, maar met die dood van die mens. Deur die sonde van een mens is alle mense aan die dood onderworpe. Van die dood van diere sê hy niks.

Maar wat moet ons dan dink van Jesaja 11, waar die vrederyk beskrywe word? As die wolf by die lam wei, is dit nie ‘n beskrywing van die nuutgeskape wêreld nie? Die vraag is tereg. Maar in die antwoord moet ons ook Jesaja 65:17—25 betrek, wat met soortgelyke beelde die baie vreedsame einde van alle dinge beskrywe. Tog staan daar (vers 20) dat “‘n seun sal sterwe honderd jaar oud”. Nee, sê ons dan vinnig, hier word net ‘n beeld gebruik, want ons sal ewig lewe. Maar wie die wolf en die lam wel letterlik saam wil laat wei, moet dan ook aanvaar dat ons nie vir ewig op die nuwe aarde sal lewe nie.

NUWE WÊRELD

As ons Genesis 1 met Openbaring 21 en 22 vergelyk blyk dit dat die nuwe hemel en die nuwe aarde die wêreld van Genesis 1 oortref. In Openbaring 22 lees ons dat die

ELISABETH KÜBLER-ROSS OOR ‘DEATH AND DYING’, ‘DOOD EN AFSTERWE’

Gwen van den Berg

TEMA: DIE DOOD EN STERWENSPROSES

Elisabeth Kübler-Ross is in 1926 in Switserland gebore en is in 2004 in Amerika oorlede. Sy was ‘n baanbreker in die versorging van die terminaal siek pasiënt en tot vandag toe is haar werk van groot waarde, nie net in die mediese beroep nie, maar ook in alle ‘versorgings’-beroepe. Ons is haar dankbaar vir die moed wat sy geopenbaar het in haar navorsing van ‘n onderwerp wat voorheen, en selfs vandag nog, groot weerstand ondervind. Haar bydrae het die deur geopen vir verdere besprekings, insigte en veral oor die verstaan van terminaal siek persone.

Vir diegene wat betrokke is in die versorging van die sterwende persoon, kom die keerpunt as ons erken dat ons ook sterflik is, dat ons ook vrese, werklik of denkbeeldig, sal ondervind. Dan is ons in staat om betekenisvol uit te reik na die geliefde/pasiënt wat die dood in die gesig staar.

En as Christene?
As kinders van die Lewende God, is ons immers toegerus om te help. Ons kan vertroos op ‘n manier waarop iemand, wat nie weet van God se voortdurende versorging nie, nie in staat is nie. Omdat ons weet dat ‘n sterwende persoon in geen veiliger plek kan rus en waar hy deur die Vader se vrede omgewe sal word, is ons in staat om die pasiënt in die Vader se arms toe te vertrou.

Laat ons nou in oënskou neem wat Kübler-Ross ons geleer het.
Sy het ‘n leerstoel by die Universiteit van Chicago Billings Hospitaal waar sy as psigiater werksaam was, gestig. Sy het aanvanklik, as ‘n onderrigmodel, terminaal siek pasiënte ondervra in die teenwoordigheid van studente. Hiermee wou sy hulle leer om die betekenis van terminaal siekte, vir beide die pasiënt en die versorger, te oorweeg. Die studente het uit verskillende velde gekom: medies, sosiologie, psigologie en teologie, maar dit het vinnig uitgebrei en ander hospitaalpersoneel, sowel as familielede van die pasiënt, ingesluit. Dit het baie in staat gestel om hulle gevoelens te verwerk en konstruktief te reageer op wat die pasiënte hulle wou leer.

As ons die proses van sterwe sou teoretiseer, sal dit as volg uitsien:

Stadiums van sterwe

Hoop →
Aanvaarding
Onderhandeling
Depressie – Voorbereidende Rou
Woede
Ontkenning – Gedeeltelike Ontkenning
Skok

Bewuswording van dodelike siekte.

Van die begin af moet dit duidelik gestel word dat die kliniese riglyne van die sterwensproses nie gesien moet word as ‘n onbuigbare proses wat elke individu moet volg nie. In die praktyk gebeur dit dat baie van die stadiums mekaar oorvleuel – hulle mag voorkom net om daarna weer te verdwyn. Ons mag vind dat dit voorkom asof die siek persoon sy siekte en naderende dood aanvaar, net om te vind dat hy die volgende dag weer besig is met onderhandeling. Ons mag vind dat hy soggens depressief is en saans weer vol planne. Ons mag miskien die indruk kry dat die pasiënt in beheer is van sy emosies, maar verdere besprekings kan woede, wanhoop, vrees, skuld en eensaamheid aan die lig bring. Hierdie dinge moet ons in gedagte hou.

SKOK EN ONTKENNING
Die menslike reaksie op groot of onverwagte spanning, is een van geskokte ongeloof. Dit mag ons sprakeloos laat, nie in staat om te begryp dat dit met ‘my’ kan gebeur nie. Dit mag miskien die eerste keer

(vervolg vanaf bls 2)

see nie meer daar sal wees nie, waarmee bedoel word dat daar aan ‘n bron van groot gevaar ‘n einde sal kom. Ook die nag sal daar nie meer wees, met die gevare van die duisternis nie, as God die ewig skynende lig vir die mense geword het. Verder sal die dood ook nie meer daar wees nie.

Was die nuutgeskape wêreld van Genesis 1 dan tog nie goed nie? Tog wel, maar dit word nogtans oortref deur die nuwe wêreld wat selfs die moontlikheid van gevare van see, duisternis en dood nie meer ken nie. Ook die wilde diere kom in die omgewing wat Openbaring 21 en 22 beskrywe, nie meer voor nie.

Adam het geweet wat “dood” beteken, toe dit aan hom voorgehou is dat hy sou sterf as hy van die vrug van die verbode boom sou eet (Genesis 3:3). Die verskynsel “dood” sal op die nuwe aarde nie meer bestaan nie.

(Artikel vertaal uit Nederlands en verkort - red) ¤

wees dat ons werklik aan ons eie dood gedink het. Dit mag voel asof ons fisies met ‘n vuis geslaan is en hulpeloos voel, oorrompel is. Nie in staat om weerstand te bied nie. Vol ongeloof – dit is nie moontlik nie! Ons ontken outomaties die werklikheid om onsself te beskerm. Dit is te pynlik om selfs te oorweeg en daarom blok ons dit net uit.

Hierdie ontkenning kan ‘n paar sekondes duur, of verskeie maande. As die persoon self reeds vermoed het dat daar iets verkeerd is, sal ontkenning gewoonlik nie so lang duur nie. Indien dit egter onverhoeds gebeur, kan dit langer duur om hierdie wete te verwerk. Hierdie ontkenning is nie volkome nie. Dit moet ook genoem word dat die behoefte vir ontkenning, met tye, in elke pasiënt voorkom. Dit sal kom en gaan en die sensitiewe hoorder sal die pasiënt toelaat om homself te verweer. Die siek persoon mag dinge begin isoleer; hy sal praat oor sy gesondheid en sy siekte, sy sterflikheid en onsterflikheid, asof dit tweelingbroers is wat langs mekaar woon. Hy kan ook selektief wees in die uiting van sy ontkenning deurdat hy dit net doen in die teenwoordigheid van iemand wat die gedagte aan die dood nie kan hanteer nie, maar hy toon ‘n mate van aanvaarding in die teenwoordigheid van ‘n persoon wat bereid is om oor dood en sterwe te praat.

Waarom bestaan daar hierdie probleem om die dood te aanvaar? Hoe meer gevorderd die mediese wetenskap word, hoe meer lyk dit asof ons die realiteit van die dood wil ontken. Het ons sterwe te klinies, meganies en geïsoleerd gemaak – ‘n toestand wat net nie meer moet voorkom nie?

WOEDE EN DEPRESSIE

Ontkenning sal gevolg word deur ‘n vorm van woede, wat kan manifesteer in afguns van diegene wat geen lewensbedreigende siekte het nie, maar in staat is om ‘n normale lewe te lei. Die ‘hoekom ek’ vraag ontstaan nou.

Die woede mag ook gerig wees teen die mediese personeel wat miskien die teenwoordigheid van die siekte op ‘n ontaktvolle manier oorgedra het, of selfs daaroor geswyg het. Onderdrukte woede lei tot uitsprake soos “die dokters weet nie waarvan hulle praat nie”, “die verpleegsters is stadig en weet nie hoe om die kussings uit te skud nie”, “ek betaal baie geld vir hierdie saal, maar die lawaai …”, “die pasiënt in die bed langsaan snork die hele nag”!! Daar is baie dinge wat die pasiënt begin irriteer. Hy word gedwing om stil te lê sodat al die toetse op hom gedoen kan word, of hy kan nie sy arm gebruik nie weens ‘n drup. Hy het daarna uitgesien om ‘n bietjie van die swaar verdiende geld wat hy vir aftrede weggesit het te geniet, net om te ontdek dat dit nie vir hom beskore sal wees nie. Op die TV kan hy sien hoe sterk, gesonde mense in sport deelneem, maar hy kan nie verdra om daarna te kyk nie omdat sy eie bewegings so pynlik is.

As familie en ‘versorgers’ moet ons onthou om dit nie persoonlik op te neem nie. Deur die pasiënt toe te laat om uitdrukking aan sy woede te gee, help ons hom om die stadium van tydelike onderhandeling en depressie, te bereik – die oorgang tot finale aanvaarding.

As die woede uitgebrand het en die pasiënt nie langer meer ‘n gelate houding kan aanneem nie, kom ‘n groot gevoel van verlies na vore. Daar kan gewoonlik twee verskillende tipes van depressie in die terminaal siek pasiënt geïdentifiseer word. Die eerste, en mees sigbare, is ‘n reaktiewe depressie – ‘n reaksie op die toestand waarin hy hom bevind. Hy het miskien sy werk verloor weens sy hospitalisasie, waardeur sy vrou nou die broodwinner word en wat veroorsaak dat die kinders nie meer haar volle aandag ontvang nie. Daar is ‘n groot finansiële las en skulde wat ophoop, skoolgelde wat miskien nie betaal kan word nie. Skuldgevoelens by ‘n vrou oor die verlies van haar vroulikheid weens bors- of baarmoederkanker is iets wat ons as familie kan opvang. As hierdie sake egter eers aangespreek is, sal die depressie ook grootliks verlig word. ‘n Sosiale werker word byvoorbeeld iemand wat ‘wonderwerke’ verrig, as die pasiënt besef dat daar na sy gesin omgesien word. ‘n Borsprostese kan baie doen vir die selfbeeld van ‘n vrou en deur iemand te verseker dat sy selfs sonder ‘n baarmoeder nog vrou is, kan miskien ‘n onverwoorde vraag beantwoord.

Die tweede tipe depressie is egter meer problematies – een waar ‘n ‘buitestaander’ van weinig hulp kan wees. Dit is die voorbereidende depressie: voorbereiding om geliefdes en hierdie wêreld, te verlaat. ‘n Oorweldigende droefheid kan die persoon wat met sy dood gekonfronteer word, teister. Verdriet omdat man of vrou, kinders en kleinkinders, agtergelaat moet word. Hartseer omdat hy besef dat hy nie sy kinders sal sien opgroei nie; nie die vrugte van sy arbeid sal kan geniet nie. Hierdie is gewoonlik ‘n periode van stilswye, waar die pasiënt geen behoefte het aan woordelikse interaksie nie (dit is in teenstelling met reaktiewe depressie). Hy mag ook dikwels huilbuie ondervind, maar daar is min wat gedoen kan word om die pyn van sy leed, te verlig. Ons kan langs sy bed sit en sy hand vashou, saam met hom bid, ‘net daar wees’. Dit is nie nodig om te praat nie, beide pasiënt en ‘versorger’ sal dit verstaan.

AANVAARDING

Aanvaarding moet nie gesien word as ‘n gelukkige stadium nie. Dit is eerder die stadium waarin die pasiënt nie depressief of kwaad is nie. In meeste gevalle is hy moeg en swak, en begin geleidelik meer slaap. Dit is gewoonlik die fase waarin die familie meer hulp van ons nodig het, as die siek persoon self. Dit gebeur omdat die pasiënt

geleidelik minder belangstelling toon in sy omgewing en die familie meer uitgesluit begin voel. Hulle teenwoordigheid is miskien nie meer gewens nie en enige wat ook al gesê word, word met min of geen belangstelling deur die siek persoon ontvang. Vir hom word die wêreld 'n steeds kleiner plek en hy stry ook nie meer wild teen die kennis van sy naderende dood nie. Tog bly die besoeke van geliefdes belangrik – selfs al is dit net om hom te verseker dat hy nie alleen gelaat sal word nie, hy sal nie 'n eensame dood sterf nie, want dit is 'n vrees wat ons almal het.

Om tot aanvaarding te kom is al deur baie pasiënte bereik sonder enige eksterne menslike hulp, terwyl ander wel hulp nodig gehad het met die hantering van hulle situasie. Dit is 'n groot voorreg om so iemand te kan help en te kan sien hoe hy rustiger word in sy omstandighede.

HOOP

"Hope beats eternal in the human breast!" Hoop is iets wat baie moeilik sterf. Dit is opmerklik dat, nieteenstaande die stadium van die siekte, alle pasiënte tot op die laaste oomblik 'n vorm van hoop bly koester. Ons moet dit nie vergeet nie! Dit mag kom in die vorm van hoop op 'n nuwe ontdekking, 'n nuwe medisyne, nuwe navorsing van die laboratorium, 'n wonderwerk van God of selfs die idee dat die X-strale miskien aan 'n 'ander' pasiënt behoort. As 'versorgers' mag ons saamstem of verskil met die hoop wat uitgespreek is, maar ons moet die pasiënt toelaat om hierdie hoop te koester, want ons weet immers nie wat kan gebeur nie. Ons kan 'n redelike akkurate voorspelling maak oor die verloop van gebeure, maar ons is nie God nie.

Kübler-Ross sê in haar boek, 'On Death and Dying', dat "*dit lyk asof godsdienstige pasiënte weinig verskil van die sonder 'n godsdiens. Ons kan sê dat ons weinig pasiënte gevind het met 'n inherente geloof. Die is wel deur hulle geloof gehelp en kan die beste vergelyk word met die pasiënte wat ware ateïste was. Die meeste pasiënte was tussen in, met 'n vorm van godsdienstige geloof, maar nie genoeg om hulle konflik en vrees te verlig nie*".
Die skrywer van hierdie artikel stem egter nie saam met die standpunt nie. Die feit dat ons gelowiges is, beteken nie dat ons nie konflik en vrees ervaar nie. Ons bly menslik, sterflik en sondaars. Dit is voldoende om te sê dat die duiwel sal voortgaan met sy aanvalle totdat ons in heerlikheid opgeneem sal word, en dikwels is die aanvalle op hul hewigste as ons op ons swakste is. Hy sal egter nie oorwin nie. Hy kan ons nie skei van die liefde van Christus nie; die dood kan nie en ook nie engele, hoogtes of dieptes nie. Of ons lewe of sterwe, ons behoort aan God. Dit hang nie van ons sterkte af nie, want ons het niks.

Daar kan nog meer oor haar waarnemings gesê word, maar die lees van haar outobiografie "The Wheel of Life", bring insig. Dit wil voorkom asof haar betrokkenheid by mistisisme later in haar lewe, verwydering van haar man en kollegas gebring het. Dit is jammer. Haar bydrae bly egter staan en ons kan dit gebruik om diegene wat aan die einde van hul aardse lewe gekom het, beter te dien. ¤

FUNKSIONELE DOOD?

Ds. E Viljoen

TEMA: DIE DOOD EN STERWENSPROSES

Loop hierdie lewe uit op 'n ewigheid aan die ander kant van die graf? "Dit kan ek nie meer glo nie!" vertel die berugte Engelse Biskop J.A.T. Robinson aan 'n Joodse student. Dit kan vir Robinson geen doel in die lewe meer wees om 'n "goeie dood" te sterf nie. Wat nou saak maak is wat jy in hierdie lewe doen. Daarna kan dit eintlik nie meer saak maak wat gebeur nie. Niemand word meer aangespreek deur die dood of is in besonder bang daarvoor nie. Vrese en tegelyk ook verwagtings van enigiets anderkant die dood het alle krag verloor.

DOOD DEEL VAN DIE LEWE?

Alle moderne ontwikkelinge in die mediese wetenskap ten spyt, is mense steeds dit eens dat ons almal moet sterwe. Dit is by die vraag hoe ons na die dood kyk en hoe ons leer om dit te verwerk, dat die weë ver uiteen gaan. Daar was tye in Christelike kerke dat die angs vir die dood as 'n soort afskrikmiddel van 'n ligsinnige lewe gefunksioneer het. Vreesbeelde oor die dood het moeiliker geword in die tyd wat ons leef. Mense het maniere gevind om die vrees vir die dood te verdryf. Hoeveel begrafnisondernemers weet nie al te goed hoe om die dood selfs mooi te laat lyk nie! Selfs sonder hierdie soort narkose, is daar talle mense wat sterf sonder om enigsins na te dink oor wat die dood is.

Dit het deel geword van *in memoria* en selfs skrifoordenkings by begrafnisse om van die dood as 'n "verlossing" te praat. Dit gaan ons nie verby nie. Vir baie is dit vandag nie meer so eenvoudig om te verwoord of die vrees vir die dood of eerder die angs om te lewe die grootste is nie! Die gereelde voorkoms van selfmoord laat sien dat die vrees vir die lewe die betekenis van die dood radikaal beïnvloed.

Vanuit die filosofie is selfs die dood van Christus totaal nuut verstaan. 'n Nuwe verstaan van Jesus Christus moet in diens gaan staan van 'n nuwe omgaan met die dood. Die hoogtepunt van Jesus se lewe word gesien in sy oorgawe aan die dood self. Sy dood sou nie maar net nog een van baie wees nie. Wanneer Jesus sterf, word die

wese van ‘n mens se bestaan duidelik as ‘n menswees-tot-in-die-dood.

EKSISTENSIALISME OOR JESUS SE DOOD EN OPSTANDING

Jesus se dood sou volgens die filosofie van die eksistensialisme niks te doen hê met God se toorn nie. Dit is juis volledig openbaring van God se liefde vir mense. Jesus sterf om die mens in sy reg te herstel. Jesus se dood laat ons sien dat ook ons nie in ons dood in die nietigheid verval nie, maar in God se hand. Selfs in die dood sal ons nie met die dood en sy mag te doen hê nie, maar met die genadige God.

Volgens hierdie verstaan van die Skrif, is dit nou juis nie net die boodskap van Jesus se dood nie, maar ook sy opstanding uit die dood. Jesus staan op sodat ons kan weet dat niks ons van die liefde van God kan skei nie. As God vir ons is, kan niks teen ons wees nie. Nie eers die dood nie (Rom. 8:32 ev.). Op hierdie manier word die dood iets wat by die lewe pas en selfs heel mooi is. Volgens die Duitse Nuwe Testamentikus, Roedolf Bultmann, wil die boodskap van Christus se dood en opstanding uit die dood ons leer om die dood radikaal te omhels. Geloof sou dan die lewenshouding wees waarmee ‘n mens oop staan vir die toekoms wat die dood insluit. Geloof maak vrede met die lewensangs en omhels alle onsekerheid – ook die onsekerheid van die dood.

Die ewige lewe is om hierdie openbaring van God in Christus te ken en aanvaar. Dit is ‘n lewe nie van ná die graf nie, maar van hier en nou. Die dood kan die lewe van hier en nou nie raak nie – daarom moet ons nóú leef deur alles daarvan te geniet wat ons kan en wil. Die dood kan die lewe van nou nie raak nie.

DOODGEWONE DOOD

Die manier waarop die dood vandag dikwels anders gesien word, het dus alles daarmee te doen dat die dood onafskeidelik deel is van die lewe. Die dood het doodgewoon geword. Vrees vir die dood moet verdwyn. Geniet die lewe, want dit is maar kort! Angs oor ‘n lewe ná die dood moet weggeneem word. Gedagtes oor reïnkarnasie word al meer gewild. Die dood word ‘n geleentheid waarin die mens homself kan “uithuil” oor die lewe van mislukte kanse en geleenthede, om dan net weer in ‘n nuwe lewe in ‘n nuwe liggaam nuwe geleenthede aan te gryp.

Dood is ook nie meer net dood nie. Dit is te kleurloos en kaal. Mense moet dink dat hulle voortleef in hulle nageslag of selfs in die natuur. Mense kon dus nog nie daarin slaag om die dood self as totaal magteloos te verstaan nie.

SINVOLLE EN FUNKSIONELE DOOD

‘n Ander manier waarop die dood skadeloos te maak, is om die dood ‘n <u>funksie</u> te gee. Maak die dood iets sinvol. Vergeet dat die dood die loon op die sonde is. Die biologie het ons tog geleer dat die dood by die lewe hoort. Die dood staan selfs in diens van die lewe. Jou eie afsterwe kan ‘n manier word waarop jy in ‘n oorbevolkte wêreld plek maak vir ‘n ander een. In ‘n wêreld met beperkte werksgeleenthede, skep jou dood groot moontlikhede vir jou naaste.

Dit is geen groot sprong om hiervandaan tot by die belangrikheid van orgaanoorplantings te kom nie. Die een wat sy organe beskikbaar maak vir sy medemens, laat sien dat hy deur sy eie dood in diens van ander se lewe wil staan. Ons dood het ‘n funksie vir die voortbestaan van die menslike geslag. Die dood kry sin en betekenis.

Hier lê een van die sterkste motiewe vir die regverdiging van aborsie. Niemand sal wil ontken dat die ongebore baba ‘n lewende wese is nie. Een van die faktore waardeur aborsies geregverdig word, is die funksionaliteit van die dood van die ongebore baba. Die dood van die ongebore baba moet egter in diens staan van die lewe van die moeder wat oor haar eie lewe wil beskik of kies om haar lewe anders in te rig as wat moontlik sal wees wanneer die baba eenmaal gebore is.

Bring by hierdie “ontmitologisering” van die dood nog ‘n knippie ekonomiese motiewe en dit word verstaanbaar waarom die voortydige beëindiging van die lewe van ‘n swak, sielsieke en verstandelik beperkte bejaarde met die mooi woord “genadedood” beskryf kan word. Die dood van die bejaarde of verstandelik/liggaamlik siek mens moet in diens staan van die voortgang van die lewe van ander! Dit is goed om dood te gaan. Elkeen kry sy beurt en deel en as joue verby is, moet jy plek maak. Sonder die dood is daar geen lewe meer nie en daarom is daar vir talle vandag geen lewe meer sonder die dood nie. Die dood is funksioneel en betekenisvol gemaak!

Met allerlei mediese tegnieke kon die lewe van die mens verleng word, maar nie alle agteruitgang van die lewenskwaliteit kon ingeperk of gestuit word nie. Die gevolg is ‘n groeiende bevolking van bejaardes waarvan die lewenskwaliteit dikwels baie laag is. In die versorging van hierdie bejaardes of in elk geval langer lewende mense wat andersins vroeg sou sterf, word daar nou swaar aanspraak gemaak op finansiële offers en tyd en mannekrag. Dit is duidelik hoe die dood dan maklik gesien word as ‘n bondgenoot om die lewe vir die nuwe geslag meer leefbaar te maak. Die groei in mediese kennis het ongelukkig nie ‘n eweredige groei in die verstaan van die dood tot gevolg gehad nie. Dit het eerder gelei tot ‘n totaal nuwe verstaan van die dood wat werklik liefdeloos en onchristelik is. Só word “genadedood” tot die hoogste vorm van medemenslikheid!

BEHEER OOR DIE DOOD

Wanneer die dood eenmaal as deel van die lewe gesien word, sal daar na maniere gesoek word om die dood ook te beheer. Waarom sou die tegnologies gevorderde mens hom nog laat oorval deur die dood? Ons kan die dood eerder inspan soos wat dit ons pas. Die mens neem selfbeskikkingsreg op oor die lewe en die dood. Die onsekerheid van die dood moet onder beheer gebring word. Op hierdie manier kan ek deur orgaanskenking my

(vervolg op bls 7)

KERK EN KREMASIE

P. Niemeijer

TEMA: DIE DOOD EN STERWENSPROSES

Dit kan soms gebeur dat 'n kerkraad skielik gekonfronteer word met 'n gemeentelid wat gekremeer (veras) wil word. As jy betyds daarvan hoor, kan jy daaroor praat. Aan die hand hiervan kan prof. Douma se *Rondom de Dood* (Ethische bezinning, nr 10) gebruik word. Maar soms kry jy nie die tyd daarvoor nie. Of dit blyk dat die keuse vir kremasie nie meer verander kan word nie. Wat dan?

Dit lyk vir my na 'n goeie idee dat kerkrade hulle tydig besin op 'n gedragslyn waaraan ampsdraers en gemeente houvas het. In die eerste plek omdat die kerk in die wêreld van vandag moet waak oor die getuienis van haar Christelike toekomsverwagting. In die tweede plek omdat die saak by die betrokkene(s) baie sensitief is. En in die derde plek sorg hierdie onderwerp onherroeplik vir diskussies met familielede en vriende in die emosionele tyd tussen die afsterwe en die begrafnis. Daar is dus genoeg rede om in "alle rus" op 'n gedragslyn te besluit.

In hierdie artikel wil ek 'n paar opmerkings maak oor hierdie onderwerp. Ek wil fokus op die houding van die kerk by 'n onverwagte kremasie (verassing) van 'n gemeentelid. Dit gaan dus nie oor die onderwerp kremasie nie. Ook nie of en hoe individue na 'n kremasie van 'n familielid, kollega of 'n vriend mag gaan nie. Dit gaan ook nie oor die voorgaan van 'n predikant by 'n kremasie van 'n ongelowige nie (lees ook J. Douma, A.W., bls. 160-163).

UITGANGSPUNTE

1. Vir 'n etiese beoordeling oor kremasie verwys ek na die eerder genoemde studie van J. Douma *Rondom de dood*, bls. 139-168. Om dit kort saam te vat: begrawe is 'n manier van lykbesorging wat aansluit by die onderwys van die Heilige Skrif: God se kinders het hulle laat begrawe (vgl: Gen. 23:3; 25:9; 49:29; Mark. 6:29; Luk.7:14; Joh. 11:43). God se eie Seun is begrawe en het vir ons die weg gebaan deur die ontbinding van die graf na die opstanding van die vlees (Joh. 19:38-42; 1 Kor. 15:4; HK Sondag 16). Ons begrafnis is 'n simbool van die saai in die dodeakker en 'n daad wat getuig van Christelike verwagting (1 Kor. 15:15-35-58). Kremasie, veral wanneer dit gevolg word deur die uitstrooiing van die as, is 'n daad wat geen uiting gee aan die Christelike verwagting nie (vgl. 1 Petrus 3:15). Dat ons tot stof "weerkeer", beteken nie dat ons die reg het om onsself tot stof te "maak" nie.

2. Die wil om gekremeer te word, kan voortkom uit teenstand teen wat die Skrif leer oor die toekoms van God se kinders. As hierdie teenstand "afrond" in kremasie, behoort die kerkraad myns insiens nie hulle samewerking aan die kremasie te gee nie. Kremasie hoef egter nie altyd voort te kom uit bewuste teenstand teen die Woord van God en 'n Christelike toekomsverwagting nie. Dit kan ook 'n gevolg wees van uitsonderlike omstandighede of 'n swakheid van oordeel. In sulke situasies pas dit ons nie om 'n oordeel uit te spreek oor die Christen-wees van 'n persoon wat homself laat kremeer nie. Ons wil ook nie beweer dat God nie gekremeerdes sou wil of kan opwek nie. Die Here het die wêreld uit niks geskape en sal ook sorg dat die see sy dooies prys gee. Dan is Hy dus ook in staat om 'n liggaam uit stof op te wek. Al is dit ook verbrand: op die brandstapel, in 'n brand … of deur 'n vrywillige of onvrywillige kremasie.

3. 'n Kremasie is net soos 'n begrafnis onder die verantwoordelikheid van die familie. Die aktiwiteit van 'n ampsdraer het geen ander grond as die pastorale en broederlike verbondenheid met die gestorwe kerklid en die daaruit voortvloeiende mede-verantwoordelikheid vir die Christelike getuienis by die laaste sorg vir die liggaam nie. Die taak en verantwoordelikheid van die kerk en haar ampsdraers is 'n beperkte taak. Die kerk is nie verplig om haar samewerking te gee nie.

PRAKTIESE RIGLYNE

1. Indien die familie van die oorledene sou kies vir kremasie teen die wil van die oorledene in, sal geen amptelike samewerking aan die samekoms of aan die kremasie verleen word nie. Die kerk kan nie aan sulke "onfatsoenlike" maniere saam-

(vervolg van bladsy 6)

organe selfs 'n tweede kans op lewe gee!!

Dit alles is natuurlik geen goeie manier om die laaste vyand te oorwin nie en dit bly 'n illusie. Dit ontneem ook die Paasfees van enige betekenis. Christus se dood en opstanding word vervlak tot 'n lewens – filosofie. Christus se dood en opstandig maak nie dat ons ligtelik met die dood omgaan nie. Die dood moet oorwin word. Dit is 'n oorwinning wat ons het in Christus alleen. Die stryd teen die dood gaan voort. Wel uit die sekere verwagting van Christus se wederkoms waardeur die laaste vyand vernietig sal word. Die dood sal verslind word in Christus se oorwinning! ¤

werk nie! In so ‘n situasie sal die Christelike gedagtenis vorm kry deur byvoorbeeld ‘n gebed in die Sondagse erediens en ‘n “In Memoriam” in die kerkblad.

2. Indien die kremasie van een van die kerklede plaasvind op eie versoek en volgens sy wil, dan beperk die ampsdraers hulle aktiwiteit en aanwesigheid tot die samekoms. Maar dit gebeur net wanneer:

a) die kremasie nie plaasvind as gevolg van ongeloof aan die Christelike verwagting van die opstanding nie;
b) die evangelie van die Christelike toekomsverwagting vir God se gestorwe kinders, onbeperk gebring kan word;
c) daar in die samekoms nie deur enige lid van die familie afbreuk gedoen word aan die Christelike gewoonte van begrawe nie;
d) die samekoms nie in die krematorium gehou word nie. Indien die familie nie aan hierdie riglyne wil voldoen nie, maak hulle self die samewerking van die kerk onmoontlik.

3. Die eintlike kremasie is ‘n familie-aangeleentheid. Ampsdraers gaan nie uit hoofde van hulle amp saam na die krematorium nie. Die familie is self daarvoor verantwoordelik dat die Christelike toekomsverwagting in die krematorium stem en vorm kry.

4. Slegs wanneer die familie geen moontlikheid sien om die Christelike geloof te laat klink nie, byvoorbeeld omdat die hele familie onkerklik is, dan kan daar van die kant van die kerk samewerking gegee word. Op ingetoë wyse sal dan onder leiding van die predikant deur skriflesing, sang, belydenis en gebed stem gegee word aan die getuienis van die evangelie en die Christelike hoop.

5. Ampsdraers kan nie gedwing word om op enige manier saam te werk aan (die plegtighede rondom) ‘n kremasie nie.

6. Gemeentelede moet in eie Christelike verantwoordelikheid en met inagneming van die kerkraad se besluit, ‘n afweging maak tussen die afwysing van kremasie en die meelewing met die familie, die bewys van die laaste eer aan die oorledene en die bydrae van ‘n Christelike karakter daarvan. ¤

BERAAD TEOLOGIESE OPLEIDING

Ds. E Viljoen

RONDOM DIE KERK: SUID-AFRIKA

Die manier waarop verder gegaan moet word met die eie Teologiese Opleiding van die VGKSA het dringende en intensiewe besinning nodig. ‘n Eerste begin is gemaak op ‘n beraad gehou op 28/29 Januarie 2005. Dit was egter niks meer as dit nie. Net ‘n begin. Wel ‘n goeie begin.

GOEIE BEGIN

’n Bosberaad was nodig aangesien daar in die Vrye Gereformeerde Kerke geen eenvormige sig is op ons gesamentlike taak en roeping tot die instandhouding van ’n eie Teologiese Opleiding nie. Ons kan gerus maar eerlik daaroor wees dat daar verskillende visies is. ’n Goeie verstaan van die probleem kan ons altyd help om verder te vorder in die oplossing van die probleme. Volstruispolitiek sal hier nie help nie. Ons kan nie ter wille van vrese dat ons mekaar sal verloor deur die probleem reguit te stel, mekaar nooit eers vind in die beginselsake wat ter sprake is nie.

Die deputate Kuratore Teologiese Opleiding het ’n beraad belê om “te besin oor die toekoms van die teologiese opleiding binne ons kerke en te probeer om tot konsensus te kom wat Bybelsverantwoord is”. Só verwoord kuratore self die doel van die beraad. Die beraad het verder die doel gehad om ’n bydrae te maak tot die verslaggewing van die kuratore aan die volgende algemene sinode wat beplan word vir einde Mei 2005.

Vir die eerste keer sedert die begin van die betrokkenheid van die VGK Pretoria-Maranata by die Mukhanyo Theological College byna nege jaar gelede en die begin van die Teologiese Skool van die VGKSA net meer as sewe jaar gelede, het al die kerklik betrokke partye met mekaar ’n gesprek gehad. Dit is geen saak om in te roem nie. Ons moet eerlik wees en ons verleentheid hierin erken.

SKEEFGROEI

’n Groot agterstand moet dus ingehaal word. Selfs meer as net ’n agterstand moet uitgewis word. Daar was ook skeefgroei. Laat ons eers liefs nie praat van wildgroei nie! ’n Hele versplintering het plaasgevind in die manier waarop betrokkenheid by teologiese opleiding vorm kry. Die VGK Pretoria-Maranata het in alle erns na ’n weg gesoek om teologiese opleding te vind vir die Sotho-sprekende broeders wat werkers, hulpwerkers en predikante kon word in die sendinggemeentes wat ontstaan het uit die sendingwerk in Soshanguve, Mamelodi en omgewing. Die probleme waarmee geworstel is in Maranata t.o.v. teologiese opleiding, het ongelukkig nooit die draagkrag van die hele kerkverband betrek nie.

Die kort van die lank is dat die keuse van Maranata om van Mukhanyo Theological College as niekerklike instelling gebruik te maak vir die opleidingbehoeftes, nooit die ander Afrikaanssprekende kerke meegeneem het in die proses nie. Die resultaat was dat die broeders hoe langer hoe meer Mukhanyo as ’n eie kerklike opleiding gesien is. Dit is immers bevestig deur die betrokkenheid van sendelinge uit die VGKSA by die doseerwerk en later selfs bestuur van Mukhanyo. Van die Sotho-sprekende broeders uit eie kring het self ook begin

betrokke raak in die doseerwerk by Mukhanyo met die gevolg dat die (kerklike) band met Mukhanyo alleen maar verstewig en bevestig is by die kerke wat Sothosprekend is. Vir dié groeiproses moet daar groot begrip wees en hoef daar na niemand verwyte geslinger te word nie.

Intussen het die reeds selfstandige (Afrikaanse) kerke begin met 'n eie opleiding vir die kerke. Van hierdie poging moet ook gesê word dat daar nooit groot erns gemaak is met die vraag hoe dit in diens kan of behoort te staan van die opleidingsbehoeftes van die sendingveld nie. Terugskouend moet ons erken dat dit baie jammer is. Kragte binne die VGKSA t.o.v. doseerwerk het radikaal verdeeld geraak tussen 'n eie kerklike opleiding en 'n opleiding waarvan van harte gebruik gemaak is, maar wat nie van die VGKSA self was/is nie.

Daar was slegs maar 'n marginale betrokkenheid vanuit die Teologiese Skool (TS) van die VGKSA by die sogenaamde Mukhanyo Plus studieprogram waar studente wat by Mukhanyo afgestudeer het 'n addisionele toespitsing in die opleiding gekry het gerig op die eie kerklike situasie. As illustrasie kan volstaan word met verwysing na die gebrekkige tot geen aandag vir die Gereformeerde Kerkreg, Kerkgeskiedenis, Simboliek en in die aard van kategismusprediking in die Preekkunde.

Die resultaat was en is dat die Afrikaanssprekende Vrye Gereformeerde gemeentes byna volledig gerig was op 'n eie opleiding wat met gebrekkige mannekrag moes funksioneer. Van die eie mannekrag het intussen tereg gekom in 'n instelling wat nie onder eie kerklike toesig staan nie. Die voorspel tot skeefgroei was reeds daar. Gebrekkige sig op 'n geheelplan en doelwitte vir 'n toekomstige kerkverband waarin Afrikaanssprekende en Sothosprekende broeders en susters sal saamleef, het fragmentering en selfs duplisering van werk tot gevolg gehad.

SINODE JOHANNESBURG 2002

Op die sinode van Johannesburg 2002 het die naderende selfstandigwording van die Sothosprekende sendinggemeentes die bestaande Afrikaanssprekende VGK'e voor die feit gestel dat besin moet word oor die toekoms van die opleiding wanneer daar een kerkverband sou wees. Die baie wyse besluit is geneem sodat daar geen finale besluite geneem sal word oor die vormgewing van die opleiding sonder die betrokkenheid van die selfstandige Sothosprekende kerke nie.



Daar was een saak wat egter wel vir die kerke van groot belang was. Dit was 'n beginselsaak. Die beginsel dat as die kerke 'n eie kerklike opleiding kan onderhou dit dan ook gedoen behoort te word. Dit moet dan ook die vertrekpunt wees vir alle toekomstige besinning oor die invulling van die Teologiese Opleiding. Dit was verwoord in die beginselbesluit dat die eenheid in die een geloof en die bewaring in daardie een geloof met die Sotho-sprekende kerke, dit wenslik maak dat ons saam een kerklike opleiding (in watter vorm wat dan ook nodig sou blyk) het. Die manier waarop sedert die sinode gewerk en beplan is deur meerdere individue, kerkrade en kommissies het nie altyd die vertroue ingeboesem dat die bedoeling van die sinodebesluit duidelik was nie.

28/29 JANUARIE

Op die beraad van 28/29 Januarie was dit nodig dat die sinodebesluite en opdrag aan kuratore bespreek moes word. Uit die bespreking was dit duidelik dat daar geen eenstemmige sig is op wat verstaan word onder 'n kerklike opleiding en die belangrikheid daarvan. Die openhartige en eerlike gesprek het uitgeloop op die eenstemmige begeerte dat daar vir al die kerke saam een opleiding moet wees onder toesig en beheer van die kerke. Die deelnemers aanvaar die volgende beginsel: "Vir die kerke, deur die kerke". Dit is die verantwoordelikheid van die kerke om studente uit ons gemeentes op te lei tot predikante wat gelowig en Skrifgetrou is, gebonde aan die belydenisgeskrifte, kundig om die Waarheid van die Woord en die Gereformeerde leer te verkondig en te verdedig en relevant binne hul omgewing en konteks is. Die vrug van die aanvaarding van hierdie verantwoordelikheid is 'n enkele opleidingsinstituut.

Doelwitte wat nagestreef moet word is deur die beraad geformuleer. Dit sluit in dat die teologiese opleiding die eenheid van die kerke moet weerspieël en daaraan diensbaar moet wees. Die gesondmakende leer van die evangelie moet beskerm en uitgedra word. Uit die aard van die saak word gestreef na 'n opleiding wat toeganklik is in elkeen se eie taal en wat nie van studente verwag om losgeskeur te word van hul eie woon- en kulturele konteks nie.

Sonder meer was die belangrikste aspek van die beraad dat daar gepleit is vir die vaste vertroue op die Here se seën wanneer ons doen wat ons oortuig is ons roeping is. Die Here het aan ons 'n skat toevertrou wat ons moet bewaar en uitdeel in 'n donker land en wêreld. 'n Duidelike sig sal by gemeentes moet kom op ons gesamentlike roeping t.o.v. teologiese opleiding. Opleiding kan en mag nie los van die kerke funksioneer as 'n taak van sekere "belangstellendes" nie. Indien die opleiding nie werklik deur die geloofshouding van die kerke gedra word nie, is dit gedoem tot mislukkig. Eenparig is gevoel dat dié konsensus oor een kerklike opleiding wat nou bereik is, nou ook so gou moontlik omskep moet word in 'n besluit van die kerke op 'n sinode.

'n Pragtige basis is deur hierdie beraad geskep waarmee die kuratore geluk gewens kan word. Vanuit hierdie een geloofsoortuiging, sal daar nou gebid en gewerk moet word. ¤

DIE HOSPIES

J Douma

ONDERHOUD

Mev. Tertia Hootsen is al meer as 10 jaar as verpleegkundige werksaam by die welsyns-organisasie ''Die Hospies'. Die organisasie verleen gratis hulp aan kanker- en vigspasiënte en Juul Douma het met Mev. Hootsen 'n onderhoud gevoer om meer insig te kry in die hulpverlening wat hulle bied.

Wanneer en hoe het die Hospies ontstaan?
In die laat sestigers het ene dr Cecelie Saunders in Engeland die nood raakgesien van kankerpasiënte wat tuis hulp nodig het. Sy het begin met gestruktureerde hulpverlening. In die laat '70 het die nonne van die Rooms Katolieke *Little Mary*-hospitaal in Pretoria die hulpverlening plaaslik begin en uitgebrei en ook vrywilligers begin oplei om mediese en versorgende hulp te kan bied. Ook ek het my opleiding daar gekry. Dit was 'n deeglike opleiding en so is die idee van gestruktureerde hulpverlening uitgebrei na ander provinsies.

Watter soort pasiënte behandel julle?
Mense met kanker en vigs in verskillende stadiums.

Watter hulp soort hulp bied julle?
As dokters of 'n onkoloog kanker diagnoseer kan die pasiënt gebruik maak van 'n berader wat dikwels deur bemiddeling van die dokter beskikbaar is. Die berader sal dan na gesprek en met toestemming van die pasiënt die Hospies inlig en sodra ons die inligting kry kan ons binne 48 hulp bied. Ons bied mediese hulp aan in die vorm van pynbestryding en die omsien na algemene welsyn. Ons streef daar na om die pasiënt tuis te hou en te versorg.

Die verpleegkundige is verantwoordelik vir die toedien van medisyne en inspuitings, ook die sorg vir die familie en eggenoot(e) is onder haar aandag. Dikwels is daar groot sorge en bekommernis hoe dit sal gaan as hulle later alleen agterbly. Die verpleegkundige sal ook die vrywilligers wat versorgend optree aan die pasiënte voorstel en toesien dat hulle hul werk kan doen – soos die was van die pasiënte, om die beddegoed om te ruil en te sorg dat die pasiënt gemaklik is. Daar is iemand wat dit alles koördineer en as hoof oor die span aangestel is. Indien nodig word daar elke dag hulp gebied, dit kan egter ook net nodig wees vir 2 of 3 maal per week of anders soos deur die pasiënt versoek.

Is dit nodig om kennis van verpleging te hê om as vrywilliger by julle te werk?
Nee, nie as jy in die versorgingsektor wil werk nie. Jy sal wel 'n interne opleiding volg om werksaam te kan wees binne die organisasie. Ongelukkig moet jy die opleiding self betaal. Dit word finansieel glad nie deur die regering ondersteun nie. Die HIV-vigs probleem geniet wel aandag by die owerheid.

Hoe genereer julle fondse vir hierdie Hospies?
Ons fondse kom hoofsaaklik van ons tweedehandse winkels waar letterlik alles onder die son wat daarheen gebring word, verkoop word. Van boeke en klere, tot stoele en ander huishoudelike items is daar te koop.

Is daar gevare aan verbonde om uit te gaan na pasiënte in gebiede wat miskien nie veilig is nie?
Ons kom nie oor die naweke in hierdie gebiede nie, ons probeer egter die siekes by die klinieke te help. Ons het ook 'n dagsorgsentrum by Tygerberghospitaal wat van 10 tot 12 uur soggens oop is. Pasiënte word dan gehelp en vrywilligers is daar om met hulle allerhande aktiwiteite te doen soos naaldwerk, verfwerk en speletjies. In Faure is daar 'n hospitaal met 10 beddens waar kankerpasiënte opgeneem kan word vir 'n tydperk van 14 dae. Daar is 'n spesiale bestralingseenheid. Dikwels is dit nodig om die familie of gesin tydelike verligting te gee in die versorging van hulle ernstige siekes, daarom plaas ons hulle daar vir 14 dae. Die mediese fondse betaal vir hierdie opname.

Gee julle ook geestelike ondersteuning aan die pasiënte?
Ja, ons gee indien moontlik ook geestelike ondersteuning, ons het ook beraders wat geestelike steun gee. Maar dikwels is daar wel 'n predikant van die kerk waaraan hulle behoort, beskikbaar vir hierdie werk.

Dit is opvallend dat die kleurlinggemeenskap baie ondersteuning bied in hulle omgewing. Hulle staan saam en help waar hulle kan, of in die familie is of net in die buurt waar hulle woon. As jy daar kom om te help kan die mense in die straat jou presies vertel waar jy moet wees. Die werkers en vrywilligers van die Hospies kan ook berading en geestelike ondersteuning kry as hulle dit nodig het. Die werk is baie kere maar stresvol. Hulle word geleer om nie emosioneel te veel betrokke te raak nie, maar as jy 'n lang tyd saamloop in 'n gesin is dit nie altyd maklik om afstand te neem nie.

Sien jy 'n toekoms vir die Hospies in Suid-Afrika?
Ja, want die nood is baie groot! Dit sal egter platval as daar geen finansiële hulp kom nie. Ons wil weer aansoek doen by die regering vir finansiële hulp.

Kontakbesonderhede:
Tygerberghospies telnr: 946 2460. ¤

VIGS-kommissie nuusbrief

Vigs-kommissie van die Vrye Gereformeerde Kerke in Pretoria

SAMELEWING

Voordat die jaar 2004 verby is, (*Hierdie nuusbrief is in Desember 2004 deur die Vigskommissie van die VGK's in Pretoria uitgegee - red.*) wil die VIGS-kommissie u nog op hoogte bring van die werk wat hierdie jaar gedoen is. Wanneer ons koerante lees en nuus luister, is dit duidelik dat die VIGS-epidemie in ons land groot en die probleem aan die toeneem is. Soms laat dit ons moedeloos voel. Is die bietjie werk wat gedoen word, nie maar net 'n druppel in die emmer nie? Is dit die moeite werd?

In dié nuusbrief vertel Mev. Kleijn oor 'n paar pasiënte wat sy versorg. Wanneer u dit lees, sal u sien dat die werk inderdaad die moeite werd is. In die donker wêreld van siekte en sonde, gee die Here 'n ligstraal van hoop aan mense wat dit so nodig het. Sy genade bring verligting en hoop, ook aan mense wat sterwend is.

HOSPIES

In die hospies word daar met volle oorgawe gewerk. Ons is dankbaar vir die harde werk van die versorgers daar. Dit is dikwels moeilike werk en die betaling is baie min. Tog is hulle almal gemotiveerd en werk getrou. Op die volgende bladsy kan u kennis maak met een van die versorgers wat al vanaf die oprigting van die hospies by die werk betrokke is. Vandat die hospies op 24 Mei 2004 geopen is, is daar al 89 pasiënte versorg. Tot nou toe mog daar net ses pasiënte tegelykertyd opgeneem word. Die aanvraag na versorging is egter so groot dat daar 'n aansoek na die Departement van Gesondheid uitgegaan het om tien pasiënte op te neem. Dit is die maksimum wat in die geboue versorg kan word.

WEEKLIKSE BESOEKE

Elke week besoek Mev. Kleijn 'n aantal pasiënte. Sy bring vir hulle 'n voedselpakket en sorg vir mediese versorging. Hulle verhale is meestal hartverskeurend. Tog is daar in hierdie mense se lewens 'n straal van hoop wanneer hulle die Woord van die Here hoor.

Levi Mashabela (45) is reeds vier jaar gelede HIV-positief getoets. Hy woon in 'n verwaarloosde huis en is baie swak. Vanaf September 2004 kry hy anti-retrovirale medisyne, waarvoor hy elke drie weke hospitaal toe moet gaan. 'n Jaar en 'n half gelede het Levi met Bybelstudies begin. Hy praat baie oor sy geloof en is nie bang om te sterf nie. Op die pamflette wat die VIGS-kommissie uitgedeel het, word Johannes 1:8-9 aangehaal. Daar staan dat wanneer ons ons sonde bely en om vergewing vra, Christus al ons ongeregtighede sal wegneem. Levi glo dit met sy hele hart en is oortuig dat Christus ook vir hom gesterf het.

Mabel Makalela (29) het drie kinders (10, 6 en 1 jaar oud) en woon saam met haar suster Rosina. Rosina het 'n seuntjie van ses jaar oud. Toe ek Mabel die eerste keer besoek het, was sy moeg en lusteloos. Sy was al by die kliniek gewees en het gedink dat sy tbc het. Vyf maande later het haar suster Rosina vertel dat sy HIV-positief is. Eers toe het Mabel vertel dat sy twee jaar gelede al positief getoets is. Ook haar jongste seun het VIGS. Sy was te bang om dit te vertel. Sy is nou in die laaste stadium van die siekte. Sy is bedlêend en eet byna nie meer nie. Hulle is bekommerd oor wat met die kinders gaan gebeur as hulle albei sterf, omdat daar niemand in die familie is wat die kinders kan versorg nie. Ons is nou besig om allerlei moontlikhede te bekyk. Op hierdie stadium ontvang albei susters Bybelstudie.

Christina Mantati (34) het drie kinders, maar is nie getroud nie. Sy woon by haar ouers in 'n groterige huis. Haar pa het 'n goeie pensioen. Toe ons Christina vir die eerste keer besoek het, was sy baie siek en swak.

Ons het haar 'n voedselpakkie gegee en verduidelik wat gesond is om te eet. Tydens die volgende besoeke het sy baie beter gelyk en gevoel, totdat die volgende reeks infeksies haar weer laat verswak het. Haar ma het baie trou vir haar en haar kinders gesorg. Dit was egter baie swaar en Christina is vir 'n rukkie in die hospies opgeneem. Daar het sy gesterf. Haar drie kinders word nou deur hulle oupa en ouma opgevoed.

Constance Msiza is 35 jaar oud en woon saam met haar drie kinders by haar ma. Die kinders se pa is oorlede aan VIGS. Volgens haar ma het Constance toe sy drie jaar oud was, 'n klip teen haar kop gekry wat veroorsaak het dat sy geestelik swakker is. Haar drie kinders word meer deur hulle ouma as deur hulle ma opgevoed. In Mei 2003 is Constance HIV-positief getoets. Toe ek haar in September 2003 vir die eerste keer besoek het, het sy 'n groot oop wond aan haar nek gehad. Sy het veloorplantings gekry, maar dit het ongelukkig misluk. Ons versorg die wond nou gereeld en stadig maar seker begin dit beter lyk. Constance ontvang Bybelstudie en ook die res van die gesin neem hieraan deel.

ONTMOET VIR REGINA SIBANYONI

Regina is een van die versorgers by die Kagisong Hospies. Sy woon in Soshanguve saam met haar man en tienerjarige seun. Sy het ook drie getroude dogters. Sy is opgelei in primêre gesondheidsorg, tuisversorging en traumaberading. Mariaan Hordijk het met haar gaan gesels.

Regina, hoe het jy by die hospies beland?
Ek is my hele lewe al geraak deur siek en lydende mense, veral daardie wat hulleself nie kan help nie. Alhoewel die kultuur waarin ek groot geword het, voorskryf dat ek nie buite my eie huis mag werk nie, het my man besef dat ek 'n deel van myself prysgee as ek nie die lyding van ander om my kan verlig nie. Hy het my aangemoedig om my hoërskoolloopbaan te voltooi toe my kinders groot was. Hy het my ook aangemoedig om die opleiding in primêre gesondheid te volg. Ek het ervaring opgedoen toe ek in Kalafong en by SANTA gewerk het. Ek het later as vrywilliger by die Instituut vir Primêre Gesondheid begin werk as tuisversorger. Dit is hier waar ek vir sr. Margaret Nong en vir mev. Nellie Kleyn ontmoet het. Dit is hier waar die droom vir 'n hospies gebore is. Na drie jaar se harde werk, lyk dit asof ons drome bewaarheid is.

Waarom 'n hospies?
Ons kan mense hier 'n kans gee om met waardigheid te sterf. Ek het baie lyding aanskou toe ek tuisversorging gedoen het. Ek sou 'n pasiënt soggens besoek en besef dat die pasiënt se sterwensuur aangebreek het, maar as gevolg van ander besoekpunte kon ek nie lank bly nie. As ek later in die dag 'n tydjie kon afknyp om weer daar besoek af te lê, sou ek ontdek dat die pasiënt alreeds gesterf het, sonder iemand om 'n hand vas te hou, sonder iemand om die lyk uit te lê. By die hospies kan ons iemand begelei totdat die laaste asem oor die lippe beweeg. Ons het die opleiding en fasiliteite om die liggame uit te lê en berading aan die familie van die oorledene te verskaf.

Ons vervul ook ander funksies. Dit is baie uitmergelend om 'n terminaal siek familielid te versorg. Ons kan die siek familielid vir twee weke opneem sodat die familie kan rus. Dit is moeilik vir werkende familielede om intensiewe sorg aan hulle siekes te gee. Dit is soms bemoedigend om te sien watter positiewe effek twee weke se intensiewe sorg op 'n terminaal siek pasiënt kan hê.

Verskaf julle net fisiese sorg?
Almal wat by die hospies werk is kinders van God. Ons begin elke dag met skriflesing en die sing van geestelike liedere. Enige pasiënt wat in staat is om die opening by te woon, is welkom. Ons leef almal ons geloof in God uit en deel dit met die pasiënte. Ons bid vir hulle, ons bid saam met hulle, ons lees vir hulle uit die Bybel. Ons sal vir hulle en hulle familie berading gee. Ons sal boodskappe oordra van waar die karsleutels is tot wat die geheime kode by die bank is. Ons doen alles in ons vermoë om 'n pasiënt in vrede te laat sterf.

Raak die werk julle nie soms baas nie?
Ja, dit gebeur. Sonder die krag van God sou ons nie kon volhou nie. Ons moet aan die oortuiging bly vashou dat ons baie spesiale werk doen. Ons berei pasiënte voor vir en begelei hulle deur die laaste tog wat hulle op aarde sal maak. Dit is wonderlik om te dink dat jy 'n instrument in God se hand is, wat so baie mense die pad na die hemel wys. Die werk is nie altyd maklik nie. Op 'n sekere Sondag moes ons vier lyke uitlê terwyl die kerkdiens aan die gang was. Dit vang 'n mens regtig. Ons het weeklikse beradingsessies om ons te help om die situasie te hanteer. As ons betrokke is by traumatiese gevalle, mag ons meer berading aanvra. Dit help ons om gefokus te bly op die Here en om mekaar aan te moedig.

Hou jou werk op as jy jou uniform ophang?
Jy kan hoor dat ek baie lief is vir praat. Ek hou nooit op om vir mense te vertel hoe om die verspreiding van VIGS te bekamp nie. Ek praat met die jeug by die kerk oor die weerhouding van seks. Ek praat met ouers oor die lewenstyl van hulle kinders. Ek praat met egpare oor getrouheid in die huwelik. Ek het selfs 'n klein spreekkamer by die huis waar mense my kom spreek. Ek staan hulle by, gee raad of vergesel hulle na 'n kliniek of hospitaal. As ek tyd het, besoek ek nog steeds mense by hulle huise of help vir mev. Kleijn met die uitdeel van kospakkies.

Het jy vir ons nog 'n boodskap?
By die hospies het ons die geleentheid om liefde te betoon aan mense wie se ontmoeting met die Here naby is. Ek wil 'n beroep op almal doen om God met hulle hele hart lief te hê. Vertel aan almal om God se wette te onderhou. Die verbreking daarvan bring siekte en ellende. Ons sien dit elke dag!

KONTAKNOMMERS

Die VIGS-kommissie van die VGK:

Voorsitter: Nellie Kleijn Tel: 012-331 0931
e-mail: nelliekleyn@absamail.co.za
Sekretaresse: Karina IJlst Tel: 012-331 5600
e-mail : lenk@lantic.net
Penningmeester: Gerda van Dijk Tel: 083 742 6194
e-mail: gvandijk@hakuna.up.ac.za
Lid: Joke Parre Tel: 012-332 3954
e-mail: parrejjj@wxs.nl
Lid: Tineke Visee Tel: 012-335 9867
e-mail: christinavisee@lantic.net

Bankbesonderhede: Nedbank – Corporate Corner
Takkode: 163445 Rek.nr: 2634051794

FOLMER BOEKHANDEL
19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

!!!! Nuut !!!!:
DIE PSALMS SING VAN CHRISTUS
Dit is 'n dagboek waarop ons gewag het – prof V E d'Assonville het 150 dagstukke oor die Psalms geskryf. Johannes Calvyn het gesê: 'Daar is geen ander boek soos die Psalmboek nie." Dit is lewensomvattend, alles van die mens se lewe word beskryf. Dit gaan oor God, die Skepper van hemel en aarde. Dit dek die hele geskiedenis van die mensdom. Dit gaan oor konings, priesters en profete, oor geboorte, lewe en dood, oor God se genade, ons sonde, berou en bekering . … En die belangrikste van alles: Jesus Christus ons Verlosser word verkondig! Pragtige leesstukke om die dag mee te begin of af te sluit. Ook geskik vir Bybelstudie. Neem en lees! 194 bl. Slegs R84

Ander:
- HANDBOEK BY DIE BYBEL (in Afrikaans & in Engels) Nuwe publikasie: R299,95. Tweedehands: R145.
- Handboek Nuwe Testament - Prof Groenewald: R125.
- Ds Rob Visser het bybelstudiestukke geskryf oor 10 Psalms (1, 2, 3, 11, 24, 84, 88, 125, 130 & 131). Ds Rob kennende kan ons seker wees dat die lesers die rykdom en die diepte van die psalms sal leer raaksien. R23
- Nog 'n keer u aandag vir 'En as ek sterwe' van ds Hennie Momberg. Om te weet wat die Bybel verkondig oor sterwe, oor die lewe na die dood, oor die verwerking van rousmart en oor die uitsig wat ons as gelowiges het deur die die genade van onse Here, lees hierdie boekie! Dit sal u verryk. R39
- Dr JOCHEM DOUMA het 'n praktiese Bybelstudie geskrywe: *GENESIS – gaan in het spoor van het Oude Testament.* In hierdie verklaring van Genesis kombineer die skrywer sy kennis van die Skrif met sy kennis van die etiek. Sagteband, 107 bl., R109
- Ezechiël deur die bekende ds Adrian Verbree: Dit behandel die Bybelboek in groot lyne en die volgende tema's word behandel: die aanwesigheid van God, die persoonlike verantwoordelikheid van elke mens, en die uitsig op die koninkryk van God, ens. 152 bl, R99
- NEDERLANDSE KORTE VERKLARING – volledig d.w.s 62 dele – in goeie toestand, harde band, vir slegs R750 (in 'n katalogus van 'n antikwariaat is stel geprys vir meer as R3 000!)
- ALGRA, A en H: DISPEREERT NIET – twintig eeuwen historie van de Nederlanden – 13 dele – harde band – goeie toestand. Slegs R180! (In dieselfde katalogus hierbo genoem, staan hierdie stel te koop vir ± R700!).

Ander takke:

Folmer Boekhandel
(Kaapstad)
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel. 021 948 5883

DIE AFDRAAND VAN DIE DAG IS KIL – Alba Bouwer

K de Mooij

BOEKBESPREKING

Alba Bouwer is eintlik meer bekend vir haar kinderboeke, soos *Stories van Rivierplaas*. Hierdie boek is haar eerste roman vir volwassenes. Die verhaal is menslik, snaaks en hartseer; vol drome, ontnugterings, versugtinge en openbarings. Dit beeld die mens se verganklikheid en sy aftakeling op ‘n baie eerlike manier uit en laat ‘n mens weer nadink oor die lewe en die pad wat ons almal onvermydelik moet loop.

Die verhaal gaan oor twee susters; Marie, wat nooit getroud is nie, en Bettie, tot twee maal toe weduwee. Altwee het op hul eie manier swaarkry in die lewe geken. Marie moes haar jongmeisiedrome om ‘n verpleegster te word, laat vaar en tuis haar nuwe stiefma op die plaas help. Bettie was van jongs af die vrolike een en as sy soms te stuitig was, moet ousus Marie met haar kwaai, persblou kyke wal gooi. Bettie het onder die nuwe stiefma gely, maar is later deur haar broer se toedoen, tog toegelaat om onderwys te gaan studeer.

Bettie se dogter, Liesbet, is die steunpilaar in haar ma en ‘ant Marie’ se lewe wanneer hulle ouer word. Vir die twee susters is die ergste van oudword nie die aanpassing by ‘n wêreldjie wat gekrimp het tot die allernoodsaaklikste nie; dit is trouens ‘n verligting om ontslae te wees van die swaar bagasie van die lewe. Maar dat jy nie meer baas is oor jou eie liggaam nie, daarmee maak ‘n mens maar swaar vrede.

Hulle het jare saam in ‘n huis op die dorp gebly, maar moet noodwendig afskaal, omdat hulle nie meer kans sien vir al die daaglikse beslommernisse nie. So beland die twee ou dames in Huis Lourens, ‘n oue-tehuis naby Liesbet. Hulle beleef pynlike dinge, maar daar is tog ook nog baie vreugdes en snaaksighede. Daar is karakters soos tant Dolly, wat op nege-en-tagtig nog ‘n bloedrooi rok dra en die hele dag danswysies in haar kop hoor en dan saamsing in haar kraakstem. Of die deftige mevrou Nelson, wat pragtige satyn nagrokke dra, maar heeltemal seniel is. Daar is ook dié wat hul ydelheid uitleef in hul kinders se prestasies. Sommige is ‘weggegooi’ deur hul kinders en baie eensaam. Veral die jonger Bettie vind hier nog ‘n taak en is altyddeur besig om mense te besoek en op te beur.



Marie wat lewensmoeg is wonder oor die Here se weg met sy kinders, toe haar jong nefie aan die grens sneuwel. ‘Ek glo vas die liewe Here maak nooit foute nie, maar toe Kobus verongeluk het, en nou weer met Gertjie, dink ek dit moes eintlik ek gewees het wat gaan.’ En wanneer sy in die versorgingseenheid opgeneem word, word haar wêreldjie nog kleiner en behou sy slegs haar leunstoel. Sy sê: ‘Jy weet, Liesbet, ons vergeet maar aldeur dat ons burgers van die hemel is. Ons raak te verkleef aan die aarde en aardse besittings.



Ons maak die afskeid daarvan vir onsself te swaar. Eintlik is ons hier net kuiergaste.’

Ook is daar soms hewige stryerye onder Bettie en Marie – eenmaal selfs oor die feit of dit wenslik is om ‘n graf te deel – en dan is dit Liesbet wat die vrede moet help bewaar. Liesbet wat al hoe meer verantwoordelikhede moet aanvaar soos wat die twee vroue al hoe meer afhanklik word. Sy is altyd daar, ook wanneer die einde vir beide aanbreek. Wanneer haar moeder sterf besef sy ‘meteens klaar en duidelik dat sy, net soos haar ma, deel is van iets anders, iets grenseloos groters as hierdie aardse bestaan waarin sy nog staan, maar waaruit haar ma vertrek het. Dit weet sy in ‘n oomblik van helder waarheid.’ Maar die lewe vir dié op aarde gaan gewoon verder. Die verpleegster is bly dat sy tog nog vroeg genoeg kan wegkom om haar week se inkopies te kan doen. Soos Adassie, haar ma en ant Marie se Kleurling speelmaat en later huishulp, gesê het terwyl sy staan en meel uitmeet: ‘Die lewe is alte veel soos die bergwater wat hier langs die huis in die voor afkom: dit werskaf aljimmers vorentoe, vorentoe, daar is nooit stilstaan nie. En as ‘n mens jou gloef in die lieven Heer nie het nie, sal daai water jou lateraan so deurmekaar spoel lat jy onderstebo die Ewigheid indiewel.’

Ek kan hierdie boek vir almal aanbeveel, veral omdat dit ons ‘n insig gee in die gedagte- en leefwêreld van die mens wat oud word. Baie van ons gaan self (as die Here wil) daardie paadjie moet loop. ¤

AROS: JAAR VAN DIE PROEFKONYNE

Monique en Annemieke

OPVOEDING EN ONDERWYS



Dis met groot afwagting en onsekerheid dat ons op 14 Februarie 2004, as die eerste studente van AROS, die opening bygewoon het. Afwagting omdat ons daarna uitsien om die jaar te begin. Onsekerheid omdat ons die eerstes is. Hoe gaan dit werk, wie‘s ons dosente, gaan ons kan aanhou en uithou, waar kry ons handboeke? (Ons het nie ‘n eie biblioteek nie.) Hierdie vrae en nog baie meer het in ons gedagtes rondgemaal. Maar die Here het voorsien. Genoeg bevoegde dosente en ‘n AROS-raad wat aan alles gedink het.

Vanaf dag een is ons toegegooi met werk en natuurlik dink elke dosent dat sy vak die belangrikste is ... wat nie ‘n slegte ding is nie, aangesien ons daardeur ‘n deeglike agtergrond van elke vakgebied verkry het. Die dosente was meer as gewillig om ons te ondersteun. Daar‘s leesstof aangedra en waar nodig, is ekstra sessies ingewerk. In Mens en Sosiale Wetenskappe leer ons kaarte teken en by Natuurwetenskappe bou ons rookbomme. Alles baie interessant en opwindend.

Natuurlik is daar die ou vervelige vakke ook. Ongelukkig kan ons dié nie agterweë laat nie. Lewensoriëntering en –vaardigheid is mos nou lewensnoodsaaklik. Die voordeel van AROS is dat die vakke vanuit ‘n Christelik, gereformeerde oogpunt benader word. Dit is dan ook deeglik gedoen. Dit is belangrik om te weet dat alles wat ons doen volgens God se wil moet wees. En om dit in die Onderwysopleiding te kan deurtrek is ‘n voorreg wat min studente het. Universiteite is gesekulariseer en UGO is hoogste op die lys, saam met humanisme en multireligieuse onderrig. Post modernisme is aan die orde van die dag en die ideologie van “Ubuntu” skemer deur op verskillende gebiede. Alles word subtiel ingevoer sodat mens dit soms mis.

As Christene het ons ‘n groot en belangrike taak. Ons moet daarteen stry om gelykvormig te word aan die wêreld. Hier by AROS kry studente die leiding wat nodig is om leerders op so ‘n wyse te kan opvoed dat ons God se eer eerste stel. Dit word ons op die hart gedruk dat onderwys nie net ‘n werk is nie maar ‘n roeping. Dat ons leerlinge nie net onderrig nie, maar dat ons help opvoed.

Maar die opleiding is nie slegs teoreties nie. En dis natuurlik nog ‘n pluspunt! Van studente word verwag om vyf ure per week praktiese ondervinding op te doen. Dit beteken dat ons die teorie ook in die praktyk kan sien en toepas. Ons bied nie sommer van die begin af ‘n les aan nie maar kry die geleentheid om by verskillende grade en vakke in te sit om sodoende te sien hoe ‘n goeie les behoort te wees. Dan is daar gelukkig tog nog tyd vir so ‘n bietjie klasgee en kan ons hand bysit met sportafrigting. Toetsreekse en eksamens kan ons nie weglaat nie. Die toetsreeks in September het ons amper gedaan gehad. Maar ons het moed geskep en was goed voorbereid vir die eksamen in November.

Ons het begin met vier studente, waarvan een reeds vroeg weens persoonlike omstandighede onttrek het. Gedurende die res van die eerste semester was ons nader aan twee-en-‘n-half studente as aan drie (en dit het niks te doen met iemand se lengte nie). En uiteindelik was daar na die Julie vakansie net twee van ons oor. Die half het iewers langs die pad verloor.

Sommige mense dink AROS is net speletjies, ander dink dis te teoreties. Wel, speletjies is dit beslis nie, en sonder teorie is kennis maar min. Na ‘n jaar se harde werk en somtyds trane ook, kan ons terug kyk en sê: Dit was lekker! Maar dis net nog die begin. Nou lê drie jaar nog voor. Die proefjaar is verby en na ons mening was dit ‘n sukses. Dit was ‘n spesiale jaar en ons dank God vir die geleentheid wat ons het. Aan die Aros-raad: Dankie vir goeie organisering, harde werk, vir die daarstelling en uitbreiding van gereformeerde onderwysopleiding. Aan die dosente: Dankie vir ‘n mooi gesindheid, vir baie moeite om aan ons net die beste opleiding te wil gee. Ons dank God vir middele, geleenthede en persone wat Hy geskenk het om te help om sy evangelie uit te dra.

Ook het Hy Aros geseën met twaalf nuwe eerstejaars vir 2005 en een nuwe tweedejaar wat by ons aansluit. Ons skop die jaar af met ‘n eerstejaarskamp wat deur die tweedejaars ook bygewoon sal word – ons is mos maar net drie. Daar sal ons ook weer fokus op ons roeping in Gods wingerd. Nou gaan ons eers vakansie hou – dis welverdiende rus. Maar ons sien uit na Februarie, om weer te begin met nuwe lus. ¤

NAHUM - POLITIEKE TROOS VIR GOD SE VOLK

A Hagg

BYBELBOEK BEKENDSTELLING

1. VERTROOSTING…

Dit is wat Nahum se naam beteken. God het hom gestuur om Juda te troos in 'n tydperk waartydens die internasionale politieke situasie nie baie rooskleurig gelyk het nie. Die profesie van Nahum is dus 'n troosryke boek vir God se kerk en daarom 'n boek wat die Gees van Christus vir sy kerk by die kanon (die Bybel) ingesluit het.

Tog is Nahum nie die eerste Bybelboek wat ons sal lees as ons in 'n tyd van moeite troos soek nie. Dit is vir ons 'n redelik onbekende boek in vergelyking met byvoorbeeld ander profete soos Daniël of Jona. Die inhoud van die boek troos ons (vir ons gevoel …) nie regtig baie nie. Dit handel hoofsaaklik maar net oor die verwoesting van 'n baie ou stad (Ninevé) êrens in Irak, so ongeveer 2600 jaar gelede. Verder profeteer Nahum ook nie direk van Christus se koms nie na hierdie wêreld nie. Op die oog af lyk dit dus of die boek Nahum nie 'n baie "troosryke" Bybelboek is nie. Tog wil God sy kerk deur Nahum laat troos. Daarom het Hy hierdie boek in sy alwysheid, vir sy kerk vir alle eeue, in sy Woord laat opneem. Ons hoor God self wat hier spreek. Die boek begin met die belangrike woorde "Godspraak". God is dus self hier aan die woord! En wie sal nie hoor as God self spreek en sy volk wil troos nie!?

Ek hoop om in hierdie artikel meer duidelikheid te gee oor die inhoud van die boek Nahum en watter troos en betekenis hierdie boek vir ons vandag inhou. Kom ons kyk eers kortliks na die plek en tyd wanneer hierdie boek ontstaan het.

2. PLEK EN DATUM…

Die presiese ontstaanstyd van hierdie boek word nie vermeld nie. Uit die inhoud is dit egter duidelik dat Nahum tussen die jare 663 en 612 voor Christus opgetree het. In hfst. 3:8-10 word naamlik verwys na die historiese gebeurtenis van die verowering van die Egiptiese stad Thebe (No-Amon) deur koning Assurbanipal van Assirië; en hierdie gebeurtenis het in die jaar 663 voor Christus plaasgevind. Die tweede datum is nog meer voor die hand liggend, omdat Ninevé in 612 voor Christus deur 'n gesamentlike optrede van die Mediërs en die Babiloniërs verwoes is. Dit is juis laasgenoemde gebeurtenis wat deur Nahum geprofeteer word. Oor die nadere datering van die boek is daar verskillende menings, maar die bespreking daarvan is nie in hierdie artikel nodig nie.

Nahum was dus 'n tydgenoot van onder andere die goddelose koning Manasse van Juda (697– 642 v.C.) en ook ander konings waarvan ons in 2 Kron. 27-36, 2 Kon. 16-24 en Jes. 7:36-39 kan lees (sien tabel - p18). Nahum was afkomstig van die stad Elkos, wat vermoedelik in die noorde van Galilea naby die grens met Libanon geleë was. Die vermoede word bevestig deurdat Nahum net een keer na Juda verwys en verder goed vertroud was met die noorde van Israel (verwys na Basan, Karmel en Libanon)

Van die stad Ninevé weet ons dat dit gebou is deur Nimrod (die seun van Kus, die seun van Gam, die seun van Noag, Gen. 10:11-12). Nimrod was 'n geweldige jagter en het begin om 'n geweldenaar op die aarde te wees. Ninevé is op die oewer van die Tigris-rivier geleë (sien kaart) en was vir baie jare die hoofstad van die gevreesde Assiriese ryk en tuiste van 'n reeks baie wrede konings. Die wreedheid van hierdie konings was alom bekend en dit is dus nie verbasend dat God hierdie stad laat verwoes het nie. Nahum is ook nie die enigste wat van Ninevé se verwoesting profeteer nie. Ons lees ook daarvan in Jesaja 10:5-34; 14:24-27 en Sefanja 2:13-15.

Die boek Nahum het dus ontstaan in die tyd dat Assirië die groot wêreldmoondheid was en God die troos, heil en verlossing van sy volk in die oog gehad het. Hoe God dit aan sy volk duidelik wou maak, sien ons as ons kortliks na die indeling van die boek kyk.

3. INDELING…

Ons kan die boek Nahum as volg indeel:

I. 'n Psalm van God se majesteit, 1:1-2:2
   a. God se wraak oor goddeloses en sy goedheid teenoor sy eie volk, 1:2-11
   b. Die komende herstel van Juda, 1:12-2:2

II. Profesie van die val van Ninevé, 2:3 – 3:19
   a. Die beleëring en verwoesting van die stad, 2:3-13
   b. Die rede vir Ninevé se val, 3:1-19

4. INHOUD EN VERVULLING…

Die profesie van Nahum begin met 'n groot vertoon van God se mag en majesteit wat blyk in sy wraak en geregtigheid teenoor die goddeloses en sy genade teenoor sy volk. In vers 9 tot 16 word ook moontlik verwys na die vernietiging van Sanherib en sy Assiriese weermag toe hulle Jerusalem beleër het (2 Kon. 18-19). Die groot stad Ninevé het egter nie op hierdie waarskuwing van die HERE gelet nie. Nahum profeteer dan die aanval van die vyand en die val van die stad, hoe die koningshuis gevang word en die inwoners gevlug en die rykdomme van die stad gebuit word.

Die rede vir Ninevé se val lê in haar sonde teen God. Ook al het die HERE Assirië gebruik om sy eie volk te straf, het Assirië haarself te buite gegaan en groot euwels bedrywe. Moord, korrupsie, towery en afgodediens was aan die orde van die dag. Hierdie magtige en ryk wêreldstad het deur haar bedrieglike politiek en

ekonomie ‘n verleidelike aantrekkingskrag vir al die volke geword. Baie volke (selfs Juda onder koning Agas en Manasse) het haar vriendskap gesoek: die politici by haar militêre mag en die koopmans by haar ekonomiese mag. Daarom noem Nahum haar ‘n prostituut. Sy het die volke in haar mag gebring en hulle laat deel in haar wêreldse lewe wat gekenmerk is deur onbeperkte sondigheid. Die volke het hulself slawe van haar hoerery gemaak. Daarom gaan die HERE haar uittrek, haar verwoes en vullis op haar gooi en haar ‘n bespotting maak. En niemand sal oor haar huil nie.



Hierdie profesie is dan ook vervul toe Nebukadneser in sy vyfde regeringsjaar saam met Ahasveros, die koning van die Mediërs, Ninevé verwoes het en homself as hoof van die Assiriese koningshuis verklaar het. Hierdie verwoesting van Ninevé was só finaal, dat die eens so magtige stad geheel en al uit die geskiedenis verdwyn het. Eeue lank was die plek waar die stad geleë was, heeltemal onbekend. En al is daar sinds die 12e eeu reisigers wat hierdie plek (teenoor Mosoel) as die ruïnes van Ninevé uitgewys het, was dit eers die Franse argeoloog Botta wat in 1842-44 met sekerheid kon bewys dat Ninevé daar gelê het. God is getrou aan sy beloftes!

5. DIE HERE TROOS SY KERK …

Uit die bogenoemde bespreking van die boek het duidelik geblyk dat Ninevé, die hoofstad van Assirië, in daardie dae die nommer-een wêreldmag was. Sy het die internasionale politiek gedomineer, ook dié van Juda en Egipte. Assirië het sy posisie afgedwing deur die bloedige en dier-agtige optrede van sy leërs. Uit skrik en vrees het niemand gewaag om iets teen Assirië te doen nie, inteendeel, hulle is deur haar mag en oorheersing verlei. Geen internasionale oorlogsreg in Ninevé gegeld nie. Mense en ander volke is hanteer as verbruikersgoedere.

Maar die HERE het ook Ninevé geken. Beter as enigiemand anders. Van haar buitenste mure van haar paleise (2:6) tot haar diepste geheime (2:12;3:1) en skatkamers (2:9). Hy het gesien hoe korrupsie, geweld en seksuele losbandigheid die publieke lewe bepaal. En daar is gegryp na towerkuns en okkultisme. Die houding in Ninevé was ‘n houding van: “leef al jou begeertes uit” en “gryp alles aan wat jy kan aangryp”. En dit het God se blik nie ontgaan nie.

Maar Ninevé lê ver van Jerusalem. En sy wil niks met die HERE te doen hê nie. Sy het met God afgereken. Dit beteken egter nie dat die stad buite God se aandagsveld val of buite die bereik van sy heilige arm is nie! Die HERE is tog die Skepper van die eindes van die aarde (Jes. 40:28)? Hy ken die stad deur en deur. Niks ontgaan Hom nie. En Hy sal sy kennis nie ongebruik laat nie. Hy gaan Ninevé se ministers, generaals en top amptenare laat sien wie Hy is. In hfst. 3 spreek die HERE die koning van Assirië in eie persoon aan. Hy gaan met God se oordeel te doen kry. Nie slegs God se volk nie, maar ook die heidense en goddelose vors van die nommer-een wêreldmag, moet na Hom luister en is aan Hom onderworpe. Ook al is Nahum in die oë van Ninevé se koning ‘n onbekende man en het hy hom miskien nog nooit ont-moet nie, hy kom met ‘n Godspraak van die HERE van die leërskare na Ninevé se koning! En hierdie boodskap is belangriker as enige verslae of beleidsbesluite van sy generaals, ministers, adviseurs en wetenskaplikes. Of hulle dit nou wil hoor of nie, alle konings en presidente sal deur die HERE geoordeel word. Geen koning kan maar maak wat hy wil nie. Veral nie met God se volk nie. Daarom troos die HERE sy volk deur te wys dat Hy alle mag in sy hand het.

In ons demokratiese Suid-Afrika is godsdiens as ‘n private saak verklaar. Die Woord van God het miskien nog betekenis by die huis en in die kerk, maar in die publieke lewe en in die samelewing het dit geen bepalende plek nie: jy mag jouself nie op God se Woord beroep nie. Dan plaas jy jouself buite die “demokratiese” orde. Christelike politici word deesdae slegs aangehoor as hulle hulself op meer as net die Skrif kan beroep. Slegs as hulle die maatskaplike belang of die sosiale wysheid van ‘n saak kan aantoon, word hulle ernstig geneem. Want die welsyn en vermaak van die bevolking staan bo alles. Slegs wat daaraan diensbaar is, tel saam. Selfs God is aan hierdie norm onderworpe! Wat Hy sê is slegs van belang as die mens van vandag van die bruikbaarheid, noodsaaklikheid en aktualiteit daarvan oortuig kan word.

Die HERE wys ons egter in Nahum dat die realiteit anders is. Nahum leer ons dat dit in ons Christelike politiek nie in die eerste plek gaan oor respek vir ons “Christelike volksdeel” of ons Christelike Afrikaner identiteit nie. Dit gaan ook nie primêr oor die geleenthede wat Christene het om in die samelewing te getuig nie. Dit gaan in die eerste plek oor die *werklikheid* van God se koningskap. Hy het alle mag aan sy Seun gegee wat aan sy regterhand sit. Hy is die owerste van die konings van die aarde. ALMAL is aan Hom onderwerp. Elkeen moet voor sy troon verantwoording doen. Dit is geen Christelike dooddoener nie. Dit is ook nie net “ons mening” nie. Dit is die realiteit. Christelike politiek is slegs werklik nugter as sy hierdie werklikheid as haar uitgangspunt neem. Vrymoedig en sonder angs. Want die wêreld van die Vader word deur sy Seun geregeer! Ook dit behoort tot die waarheid wat ons in Christus vry en vrymoedig maak! En ons troos! Daarvoor word ons opgeroep om te bid en ontsag te hê vir die owerheid (1Tim. 2:1-2; Rom. 13:1-7; 1Pet. 2:13-17).

Teenoor Assiries-agtige regeerstyl het egte Christelike politiek en ekonomie wel 'n toekoms. Wie vanuit die belydenis van die opgestane Christus politiek bedryf, mag die troos hê dat sy werk nie ydel in die Here is nie. Wat vandag deur die wêreld as bespotlik en bekrompe afgemaak word, sal eendag duidelik as 'n saak van die Seun van God aangewys word (1Pet. 2:12). In daardie perspektief mag Christelike politici hul werk met vrymoedigheid doen, ook al het ons as Christelike politici beperkte ruimte en moontlikhede. Maar ons staan in die onmeetlike ruimte van God se skepping. En ons dien niemand minder as die God van hemel en aarde nie! Hulle wat aan die Here behoort mag oor die berge die vreugdeboodskapper sien aankom met sy boodskap van oorwinning en vrede. Hulle mag hul dank- en vredeoffers te voorskyn haal en fees begin vier (Nah.1:15), omdat Christus regeer! ¤

<table>
<tr><th>JUDA</th><th>ISRAEL</th></tr>
<tr><td>Agas (seun van Jotam, regeer 16 jaar) 735-716
• doen wat verkeerd was
• koning Resin van Aram voer gevangenes na Damaskus
• Peka, koning van Israel, voer vroue + kinders + buit van Juda weg. Profeet Obed spreek Israel aan om hul broeders vry te laat, hul doen dit
• gee omkoopgeskenke vir koning Tiglat-Pileser (Assirie) om Damaskus te bevry
• Ook Edomiete en Filistyne verower sekere dele van Juda
• Agas het hom nooit tot die Here bekeer nie</td><td>Peka (regeer 20 jaar) 752-732
• anti-Assiriese beleid lei tot grootskaalse wegvoer van volk deur Tiglat-Pileser
• deur Hosea om die lewe gebring

Hosea (regeer 9 jaar) 732-723
• laaste koning van Israel
• doen wat verkeerd was
• Salmaneser (Assirië) voer 10 stamme in ballingskap</td></tr>
<tr><td>Hiskia (seun van Agas, regeer 29 jaar) 729-687
• doen wat goed is in die oë van die Here
• heilig die tempel en herstel priesterdiens
• in 14e jaar koning Sanherib (Assirie) beleër 46 sterk stede in Juda. Hiskia vra Jesaja se raad. 'n Engel van die Here verlos hul (Jes 36-38. 2 Kon 18 en 19)
• Jesaja voorspel wegvoering na Babel</td><td rowspan="11">Nahum</td></tr>
<tr><td>Manasse (Seun van Hiskia, regeer 55 jaar) 696-642
• doen wat verkeerd was. Een van slegste konings
• Here stuur Assirië en hy word na Babel gevoer
• Manasse bekeer hom aan einde van sy lewe en God bring hom terug</td></tr>
<tr><td>Amon (seun van Manasse. regeer 2 jaar) 642-640
• doen wat verkeerd is van kwaad na erger</td></tr>
<tr><td>Josia (seen van Amon, regeer 31 jaar) 640-609
• doen wall reg was, vind wetboek vd Here, laaste+grootste hervormer
• farao Nego (Egipte) vat aan. Josia sterf 2 Kon 23 25</td></tr>
<tr><td>Joahas (seun van Josia regeer 3 maande) 609
• farao Nego onttroon+beboet hom en neem hom na Egipte. Maak sy broer Jojakim koning</td></tr>
<tr><td>Jojakim (broer van Joahas, regeer 11 jaar) 609-597
• doen wat verkeerd was
• Nebukadnesar (Babel) plaas hom op die troon (en gee hom nuwe naam, ou naam=Eljakim). Voer hom na Babel en roof die tempel</td></tr>
<tr><td>Jojagin (seun van Jojakim, regeer 3 maande) 597
• doen wat verkeerd was
• Nebukadnesar laat bring hom ook na Babel en maak sy broer/oom Matanja koning Nebuk verander Matanja se naam na Sedekia</td></tr>
<tr><td>Sedekia (oom van Jojagin, regeer 11 jaar) 597-587
• doen wall verkeerd was. Luister nie na Jeremia
• rebelleer teen Nebukadnesar
• Chaldeërs val aan. Vernietig alles/almal, roof skatte. Wat/wie oorbly word na Babel in ballingskap weggevoer (soos Jer voorspel het) behalwe armstes wat agterbly as wynboere en landbouers</td></tr>
</table>

LITURGIE

- Skuif reg, dit begin …

H. Walinga

LITURGIE

Toe ek met hierdie hoofstuk begin, het ek gedink dat ek dit darem nou vir myself moeilik gemaak het. Ek het naamlik by die voorbereiding 'n indeling vir die hoofstukke gemaak aan die hand van die verskillende dele van die liturgie. Die vorige hoofstuk het gegaan oor die sang, hierdie een oor die skriflesing en die volgende een oor die preek. Nou is die skriflesing dus aan die beurt. Maar wat kan mens nou daaroor vertel? Bybellees is Bybellees en daarmee klaar.

In die meeste boeke wat ek gelees het, word die skriflesing en die preek saam behandel. Dit is nie ontereg nie. In die orde van diens word die skriflesing as 'n aparte onderdeel genoem. Apart, maar dis nie 'n losstaande deel van die liturgie nie. Toe ek hieroor begin nadink en met ander mense daaroor praat, het ek agtergekom dat die skriflesing gewoonlik as 'n inleiding op die preek beskou word. Sonder om die werk van die predikante te na te kom, wil ek dit tog merkwaardig noem. Nadat ek nog verder daaroor nagelees het, het dit geblyk dat die skriflesing in die kerkgeskiedenis nie altyd 'n groot plek ingeneem het nie. Dit is nogal vreemd dat daar in die eredienste wat 'n ontmoeting met die Allerhoogste is, nie altyd ewe veel aandag gegee word aan die lesing van sy Woord nie!

Kom ons kyk na die geskiedenis. Voortgaande op die werkswyse in die sinagoges, het die eerste Christelike gemeentes eers 'n skrifgedeelte gelees en daarna het die uitleg (wat "midrasj" genoem is) gevolg. Die eerste gemeentes het egter nie altyd 'n volledige Bybel gehad nie. Hulle moes regkom met geleende boeke, wat dan dikwels oorgeskryf is vir die eie biblioteek, en met mondelinge oorlewering. Die vinnige uitbreiding van die Christendom het nie 'n verbetering in hierdie situasie gebring nie, inteendeel. 'n Halwe oplossing vir hierdie probleem is gevind in die gebruik van die sogenaamde "lectionaria". Dit was klein boekies waarin daar aan die hand van die kerklike jaar kort gedeeltes uit die Bybel (perikope) oorgeskryf was. Die lectionaria kon maklik oorgeskryf word. Later is daar in hierdie boekies ook preke opgeneem. Daar was toe al 'n noue verband tussen skriflesing en prediking.

Tot in die agtste eeu was dit alles nogal verwarrend en van kontinuïteit was daar nie sprake nie. Bowendien was dit vir die meeste kerkleiers in daardie tyd voldoende as die gemeente die mis bygewoon het. Dit het selfs 'n uitwerking gehad op die bou van die kerke in die tyd. Die preekstoel het uit die middel verdwyn en is êrens teen 'n symuur neergesit. Die altaar het voor in die kerk gestaan. Prediking, wat dikwels net in die "voormis" of selfs net in weeksdagdienste plaas gevind het, is minder belangrik geag. Later, in die tyd van Karel die Grote het die aandag weer effens verskuif. En in die 13de eeu het daar selfs spesiale predik-ordes (soos die Fransiskane) ontstaan.

Die Reformasie het hierin nog meer verskuiwing gebring, letterlik deur die preekstoel weer in die middel van die kerk te plaas en figuurlik deur die klimaks van die liturgie weer te verskuif na die verkondiging van die Woord deur skriflesing en prediking. In die begin van die Reformasie is daar nog steeds weeksdagdienste gehou. Hier het die sogenaamde "lectio continua" plaasgevind: voorlesing van Bybelboeke. Almal kon dit hoor! Die voorleesdienste is gewoonlik nie deur 'n predikant gelei nie, maar deur 'n voorleser.

Dit bring ons by 'n aktuele saak. Daar gaan vandag weer stemme op om die instituut van 'n voorleser in te stel. Ek het êrens gelees dat daar geen prinsipiële besware aangevoer is om dit af te skaf nie. Daar is voorstanders van die instelling van 'n voorleser wat die argumente gebruik dat die erediens dan minder 'n "eenmanvertoning" word. Dit lyk vir my egter nie 'n prinsipiële stelling-inname nie. Egter oor ander argumente is dit die moeite werd om na te dink. Die spesiale aandag wat die skriflesing daardeur sou kry, sou nie verkeerd wees nie. Natuurlik moet daar dan goeie oorleg plaasvind tussen die voorleser en die predikant.

Dit lyk dikwels asof ons eredienste eers begin wanneer die preek begin. Ons skuif reg, deel pepermente uit, sommiges is paraat met pen en papier, Bybel op die skoot…, nou kan dit begin.

Dit sal goed wees as ons voor die tyd reg skuif, naamlik wanneer die Bybel oopgaan. Dan is dit immers die Here wat spreek, Hy wil oor sy verbondsdade spreek. Die skriflesing is nie 'n inleiding op die preek nie. Die preek is 'n verduideliking van die skrifgedeelte wat gelees is.

Natuurlik wil ek nie hiermee sê dat die seëngroet, die sang, die gebed en die offergawes minder aandag verdien nie. As ons egter van die klimaks van die erediens wil praat, dan is dit tog daar waar die Here praat.

Dit geld nie net vir die skriflesing in die eredienste nie, maar ook in die persoonlike- en gesinsliturgie. Eerbied vir die Skrif moet ons permanente aandag hê. Die Here spreek so regstreeks tot ons as wat kan en so regstreeks as wat ons kan verdra. Laat ons dan regskuif daarvoor. Regskuif is nie dieselfde as ontspan nie! Wat dit betref kan ons nog iets leer van die Moslems, wat baie eerbiedig omgaan met die lees van die Koran. Of kyk na die ortodokse Jode wat met baie intensiteit die Thora lees, sodat hulle alles daaruit kan haal wat daarin sit.

Ons mag deur ons houding en deur middel van intense aandag as't ware sê: "Spreek, Here, u kneg luister!" ¤

MUSIEK EN EREDIENS (II)

Dr J Smelik

MUSIEK

Om te glo en om te loof is onskeibaar. Om God te loof beteken natuurlik ook dat ons die Here ín en met ons hele lewe dien en prys. Dit blyk egter uit die Skrif dat die *gesonge* lofprysing essensieel is en moet wees in die lewe van elke Christen. Ons kan maar net dink aan die talle oproepe in die Bybel om vir God 'n (nuwe) lied te sing en om vir Hom te sing en te speel. Nadat die Hebreërskrywer onder meer uitvoerig gewys het op die volmaakte offer van die hoëpriester Jesus Christus, wek hy sy lesers op om God voortdurend 'n lofoffer te bring, '*dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely*' (Hebr. 13:15). Die lofoffer is die enigste Ou-Testamentiese offer wat in die Nuwe Testament onverminderd gebring moet word.

Om God te loof staan dus los van die vraag of ons wel daarvan hou om te sing. In 'n vorige artikel het ons gesien dat dit 'n tipiese Westerse denkbeeld is dat sing, net soos ander musikale aktiwiteite, deurgaans as 'n oulike stokperdjie beskou word, waarvan jy nou maar toevallig hou. Hierdie opvatting kan 'n verkeerde en negatiewe invloed hê op die mate waarin en die wyse waarop ons die lof aan God benader. Die gevaar is immers nie denkbeeldig dat hierdie opvatting ons daartoe lei om ook die gesonge lofprysing vir 'n deel na die stokperdjie beoefenaars verwys nie. '*Dominee X laat ons baie sing, maar ek hou nie so baie daarvan nie…*'

Die sentrale plek wat die Skrif gee aan die sing van God se lof, maak ook vir ons duidelik hoe verkeerd dit is om te beweer dat '*dit ten koste van die Woord gaan as daar te veel in die erediens gesing word*', soos wat iemand 'n slag ernstig opgemerk het. Soos die Bybel laat sien, kom God se Woord ook deur middel van die lied onder die volk. In Deuteronomium 13 (vers 19) lees ons dat God Moses nie opdrag gegee het om te preek nie, maar om sy volk 'n lied te leer. Kenlik is dit ook 'n manier wat God wil gebruik om sy Woord te verkondig. En daar is baie Psalms waarin God se dade en heilswerk al singende verkondig, geprys en bely word.

Ek het met opset die terme *'prys, verkondig en bely'* in die vorige sin in een asem genoem. Dit is naamlik die aspekte wat in die gesonge lofprysing hand in hand gaan. Om God te loof gaan normaalweg gepaard met die bely van sy Naam en dade. In die Hebreeus blyk daardie band baie spesifiek daaruit deurdat die woorde vir 'loof' en 'bely' aan mekaar verwant is. In Jesaja 45:23 staan: '…*dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer.'* Die laaste woorde word in Filippense 2:11 en Romeine 14:11 aangehaal, waarby dit opvallend is dat die woord '*sweer'* vertaal word as onderskeidelik '*bely'* en '*loof*' (Dit word in Afrikaans egter beide met '*bely'* vertaal – KdM). Dit is woorde wat inhoudelik met mekaar verband hou. Loof = sweer (God se naam daarby gebruik) = bely.

Dié wat God loof en sy Naam bely, verkondig terselfdertyd God se dade onder die mense. Dié wat byvoorbeeld sing: '*Sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gewerp* .' (Eks. 15:21), verheerlik God. Maar metterdaad bely en verkondig hy ook die groot dade van God.

Die verkondigende aspek van die lied is een van die redes hoekom die Skrif verskeie kere oproep om liedere te sing en mekaar op daardie manier te leer en tereg te wys (vgl Ef. 5:19). Deur die lied kom woon die Woord van Christus ryklik in die gemeente (Kol. 3:16).

LOOF EN KLA

Vir 'n Christen, wie se lewe bepaal word deur die blye boodskap van heil en verlossing, sal musiek in die algemeen en die lied in besonder gestempel wees deur die lofprysende verkondiging van God se dade. Dit is as het ware die grondtoon. Of soos Maarten Luther in 1545 geskryf het in 'n voorrede van 'n gesangebundel: '…*God het ons hart en gemoed vrolik gemaak deur sy liewe Seun, wat Hy aan ons gegee het tot verlossing van sonde, dood en duiwel. Dié wat dit ernstig glo, kan dit nie nalaat nie: hy moet vrolik en opgewek, lofprysend daarvan vertel …'*

Dit alles beteken egter nie dat ons net sing wanneer ons vrolik is nie. Dit blyk oor die algemeen meer dat 'musiek' nie per definisie te make het met vreugde en fees nie. Die opmerking wat dikwels gehoor word dat *'ekstra musiekinstrumente die feestelike karakter van die erediens beklemtoon'* , is streng gesproke natuurlik nie waar nie: wanneer die instrumente treurmusiek sou speel, dan sou hulle selfs 'n demper op die feesvreugde plaas. Dit is dus baie belangriker *wat* die instrumente speel as *dat* die instrumente speel.

So is dit ook met vokale musiek: ons sing nie net omdat ons bly is nie. Musiek het nie net met vrolikheid te make nie. In alle kulture blyk dat musiek sowel met blydskap as met droefheid geassosieer (kan) word. Dit blyk ook in die Bybel. Daarin kom ons liedere teen waarin die juigende prysing nie die botoon voer nie. Daar word nie net gesing wanneer daar blydskap en vreugde oor die heil van God is nie. Musiek klink ook daar waar mense kla, hul skuld bely of God se hulp inroep. 'n Mens sing nie altyd uit volle bors nie. Dié wat die liedere uit die Bybel bestudeer, sal ontdek dat '*loof*' en '*kla'* beide tot uiting kom in liedere en dikwels baie naby mekaar lê. Alle aspekte wat behoort tot die dien van God, het in die lied van die kerk 'n vanselfsprekende plek.

Saamgevat, die rede hoekom die kerk voortdurend sing, moet en wil sing, staan in feite weergegee in

een van die indrukwekkendste Nederlandse liedere uit die vorige eeu, waarin ons ook die eggo kan hoor van die bekende lofprysingsformule '…*sy goedertierenheid is tot in ewigheid*':
De aarde is vervuld
van goedertierenheid
van goddelijk geduld
en goddelijk beleid.

Gods goedheid is te groot
Voor het geluk alleen,
zij gaat in alle nood
door heel het leven heen.
(Liedboek gez. 223:1, 2)

INSTRUMENTE

Ons het gesien dat musiseer in die Skrif allereers en vernaamlik bestaan het uit sang. Maar op baie plekke in die Bybel word daar vertel dat by die gesonge lofprysing ook musiekinstrumente betrek is. Oor instrumente word in die Skrif in Genesis 4 vir die eerste keer gepraat, waar Jubal as uitvinder van musiekinstrumente aangewys word ('*Hy was die vader van almal wat op siters en fluite speel')*. Dit beteken natuurlik nie dat musiek eers vanaf Jubal bestaan het nie.

In die Bybel word daar selde gepraat oor uitsluitlik instrumentale musiek (dus musiek sonder sang). En waar dit wel die geval blyk te wees, is die vraag meestal of daar wel sprake is van suiwer instrumentale musiek en of daar veronderstel moet word dat dit gaan om instrumentale begeleiding van sang.

Hoe dan ook, in die godsdienstige lewe van die Ou-Testamentiese Israel, was die gebruik van musiekinstrumente 'n baie bekende en vanselfsprekende verskynsel. Ook by die loof van die Here. Selfs in die woestyn is instrumente gebruik om God te prys. So is die bekende lied van die profetes Mirjam oor die HERE wat die perd en ruiter van Egipte in die see gewerp het, begelei deur handdromme ('n instrument wat in die NBG-vertaling (en Afrikaanse 1953-vertaling - KdM) weergegee word met 'tamboeryn' en wat destyds spesifiek deur vroue bespeel is).

Soos bekend is, is in die tempel ook musiekinstrumente bespeel. Soms word daar gedink dat *alle* musiekinstrumente wat in die Ou Testament genoem word, ook in die tempelliturgie gebruik is. Maar dit is nie waar nie. Net so min kan 'n mens 'n beroep doen op Psalm 150 om jou oortuiging te staaf dat jy geen instrumente vir liturgiese gebruik kan uitsluit nie. Psalm 150 gee naamlik nie 'n lys instrumente wat in die tempel gebruik is nie.

Van die musiekinstrument, byvoorbeeld wat in vers 4 met '*tamboeryn'* (in Hebreeus word dit 'tof' genoem) vertaal word, staan dit vas dat dit nie in die tempel bespeel is nie.

Hierdie gegewe wys dat ons versigtig moet wees om op grond van Ou-Testamentiese gegewens te beweer dat in ons huidige kultuur alle musiekinstrumente in die liturgie gebruik sou kon word. Uit die Ou Testament sou 'n mens eerder argumente kan vind om die teendeel te bewys.

Maar dit is veel belangriker dat die Ou-Testamentiese praktyk met betrekking tot die (liturgiese) gebruik van die musiekinstrumente myns insiens beskrywend en nie voorskrywend is nie. Dit wil sê dat ons wel ingelig moet wees watter musiekinstrumente in die tempeldiens bespeel is, maar dat ons nie daaruit moet gaan aflei dat ons daarom dus instrumente *móét* gebruik en dat dit hooguit die instrumente mag wees wat in die Ou Testament genoem word nie. Die skrifgegewens oor musiekinstrumente en hul gebruik sou ons dan ten onregte voorskrywend gebruik.

Die Skrif het na my oordeel nêrens die bedoeling om voor te skryf of musiekinstrumente (en indien wel: watter instrumente) in die samekomste van God en sy gemeente gebruik moet/mag word nie. Die gebruik van instrumente in die erediens is nie 'n opdrag óf 'n gebod nie, maar 'n *moontlikheid* waarvan die Skrif voorbeelde gee in die Ou Testament en ook in die Bybelboek Openbaring.

Volgens my bied 'n beroep op kerkmusikale gegewens uit die Bybel in elk geval geen verligting wanneer dit gaan om normatiewe antwoorde op konkrete kerkmusikale praktykvraagstukke van ons tyd nie.

Die vanselfsprekendheid waarmee instrumente vandag in die erediense gebruik word, kan in die lyn van die kerkgeskiedenis besonders genoem word. In die reël het die

Christelike kerk haarself verset teen die (liturgiese) gebruik van musiekinstrumente. Die redes en argumente moet ons ongelukkig vanweë gebrek aan ruimte grotendeels onbespreek laat. Ek wil egter volstaan met die volgende.

Laat ek eerstens stel dat die vraagstuk of 'n mens in die liturgie ook musiekinstrumente mog gebruik, in die vroeë Christelike kerk waarskynlik nie aan die orde was nie. Hulle het geen kerkmusikale praktyk geken waarby die gebruik van instrumente (ter begeleiding van sang) moontlik en sinvol was nie.

Kerkvaders uit die eerste eeue was gekant teen die bespeel van musiekinstrumente in die *algemeen* omdat instrumente in hulle tyd hoofsaaklik gebruik is by afgodsdienste en by aktiwiteite wat uit seksueelmorele oogpunt ontoelaatbaar was. Hulle uitsprake het nie spesifiek gestaan in die lig van die vraag of jy in die kerklike samekomste musiekinstrumente mog bespeel nie. As jy in die eerste eeue orrelis was, dan sou jy dáárom nie gedoop kon word nie; wat nog te sê dat jy met jou instrument 'n samekoms sou mog/kon opluister.

Natuurlik het die kerkvaders die probleem gehad dat daar in die Ou Testament wel sprake is van die gebruik van musiekinstrumente; selfs in die tempelliturgie. Hulle het hierdie probleem aanvanklik opgelos deur te stel dat musiekinstrumente nodig was vanweë die religieuse onvolwassenheid van die volk Israel. Calvyn, die reformator wat homself graag nadruklik beroep het op die 'Ou Kerk', het in navolging van hierdie kerkvaders hierdie argument in die sestiende eeu opnuut gebruik om musiekinstrumente uit die erediens te weer.

'n Ietwat latere ontwikkeling (ongeveer derde/vierde eeu) was om die musiekinstrumente uit die Ou Testament allegories uit te lê. Die instrumente is dus beskou as metafore, as beeldspraak. 'n Mens kon die Ou-Testamentiese gegewens dus nie gebruik om daadwerklike liturgiese gebruik van musiekinstrumente te bepleit nie.

Daar is nog 'n ander argument gebruik om die Ou-Testamentiese kerkmusiek in die algemeen, en die gebruik van musiekinstrumente in die besonder, as gedane sake te beskou. Die kerkmusikale bepalings en ook die musiekinstrumente sou behoort tot die 'skaduagtige erediens'. Met die koms van Christus het die skaduwees verdwyn en sou musiekinstrumente in die erediens oorbodig wees. Dit is egter die vraag of ons die Ou-Testamentiese kerkmusiek (o.a. die musiekinstrumente) tot die skaduwees mag reken. Dan sou 'n mens naamlik moet kan bewys in watter opsig die kerkmusiek na Christus heen gewys het. By die Ou-Testamentiese offers is dit duidelik. Maar ten aansien van byvoorbeeld musiekinstrumente kan die teenoorgestelde gestel word. Want in die Bybelboek Openbaring word musiekinstrumente genoem in die beskrywing van die hemelse erediens. Blykbaar was die gebruik van instrumente nie 'n spesifieke Ou-Testamentiese praktyk nie.

GEBOD VAN DAWID

'n Belangrike Bybelse gegewe betreffende musiek in die erediens, vind ons in die Ou Testament waar daar op verskeie plekke gepraat word oor '*die gebod van Dawid*' (1 Kron. 23:5, 2 Kron. 8:12-14, 23:18, 29:25, 35:15, Esra 3:10, Neh. 12:24, 36). Hierdie gebod het 'n hoë status, soos blyk uit die feit dat dit in 2 Kronieke 23 in een asem genoem word met die '*wet van Moses*': '*Verder het Jójada wagte aangestel in die huis van die HERE onder leiding van die Levitiese priesters wat Dawid ingedeel het vir die huis van die HERE om die brandoffers van die HERE te bring, soos geskrywe is in die wet van Moses, met blydskap en gesang volgens die instelling van Dawid.*'

Die goddelike herkoms van die gebod van Dawid blyk ondubbelsinnig uit 2 Kronieke 29, waar ons lees dat koning Hiskia Leviete by die huis van die Here opgestel het, '*En hy het die Leviete opgestel by die huis van die HERE met simbale, met harpe en siters volgens die gebod van Dawid en van Gad, die siener van die koning, en van die profeet Natan; want die HERE het dit so beveel deur die diens van sy profete*' (2 Kron. 29:25).

'n Voor die hand liggende vraag is *hoekom* die gebod gegee is. Myns insiens is die doel van alle kerkmusikale reëlings in die Ou Testament om sowel die kwantiteit as die kwaliteit van die lofsang te waarborg. Bewaking van 'kwantiteit' in die sin dat die voortgang van die lofsang gereël en verseker is vir die hede én die toekoms.

Dat Dawid se gebod gegee is om die lofsang gaande te hou, blyk uit die feit dat in latere tye uit die Ou Testament die kerkmusiekpraktyk meermale herstel is met 'n beroep op die opdrag wat Dawid in God se naam uitgevaardig het. Ons lees hiervan byvoorbeeld in hoofstuk 12 uit Nehemia. Daar staan dat die Leviete '*die ordening van hulle God en die reinigingsordening onderhou; ook die sangers en die poortwagters, volgens die bevel van Dawid en sy seun Salomo. Want in die dae van Dawid en Asaf, van die voortyd af, lê die oorsprong van die sangers en leiers van die lofsang en die danksegging aan God*' (Neh. 12:45,46).

Benewens beoog die gebod van Dawid die bewaking van die kwaliteit. Wanneer 'n kwaliteitseis geen onderdeel van die gebod sou vorm nie, sou elemente soos 'sorgvuldigheid' en 'onderwys' wat nou saamhang met die gebod, immers volledig in 'n lugleegte hang. Ook die spesifieke vermeldings dat sangers en speelliedere 'onderwys is', 'volleerd' en 'bekwaam' was, kan net beteken dat die gebod sorg wil dra vir 'n goeie peil. Dit wys daarop hoeveel waarde daar geheg is aan vakmanskap/ambag en dus aan kwaliteit.

Met dit alles word daar nie beweer dat die voortgang van die lofprysing

en die kwaliteit daarvan geen aandag gehad of afwesig was vóórdat die gebod van Dawid gegee is nie. Die een hoef immers nie die ander een uit te sluit nie. Ter vergelyking: uit die feit dat God 'eers' op die berg Sinai die Tien Gebooie gegee het, lei ons ook nie af dat die mense tot op daardie tyd wel mog lieg, steel en bedrieg nie. Die gebod van Dawid lê vas wat vanselfsprekend pas in en by die diens aan God.

Daarmee raak ons aan 'n kernpunt: net soos alle ander voorskrifte oor die inrigting van die liturgie, het die bepalings met betrekking tot die kerkmusiek tot doel om in die erediens aan God reg te laat geskied as Skepper en Herskepper, om God te loof op 'n manier wat pas by Wie Hy is en wat Hy doen.

Die gebruik van kosbare materiale vir die tabernakel en tempel, die sorgvuldige omgang met God se goeie skeppingsgawes het in die Ou Testament gedien om die heiligheid en volmaaktheid van God die Skepper tot uiting te bring en te onderstreep. Dit is 'n belangrike feit dat God in die samekomste met sy volk nie net geëer wil word as Verlosser nie, maar ook as Skepper. Die hegte verhouding tussen die Sabbat en die skepping blyk op die eerste bladsy van die Bybel: '*En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak'* (Gen. 2:3).

Vanuit hierdie gegewens is dit ook vanselfsprekend dat 'n mens in die diens aan God, en dus ook in die gesonge en gespeelde lofprysing, sy skeppingsgawes so optimaal moontlik aanwend. Dit gaan immers om die lof van die Skepper, Hy het juis die gawes gegee om Hom daarmee te dien op 'n manier wat reg doen aan (pas by) Hom en by die grootheid en volmaaktheid van sy werke.

Hier lê ook die blywende betekenis van die gebod van Dawid vir die Christelike kerk. Die gebod leer ons om te dink vanuit die vraag wat God toekom, wat Hy wil en wat by Hom pas. Dit is dus 'n ander invalshoek as wat in ons tyd baie keer hoogty vier, naamlik dat ons ons eensydig laat lei deur die vraag hoe mense bereik en gestig kan word. ¤

MUSIEKSPEL AS TERAPIE MET KINDERS

Dineke Kruidhof en Annemieke Wibbelink

WERKSERVARING

U sal kan saamstem dat musiek verbind is met herinneringe, stemminge of emosies. Mens kan verras word deur wat 'n liedjie by jou kan oproep.



Maar hoe werk dit met kinders? Het musiek ook betekenis vir hulle? En hoe kan musiek van betekenis wees vir kinders? Ons, werk nou as musiekterapeute in die Rooi Kruis-kinderhospitaal en in Heideveld, 'n township op die Kaapse Vlakte. Ons pasiënte is kinders wat almal onder 'n vorm van trauma en stres gebuk gaan. Ons kan duidelike prosesse sien wat deur middel van musiek bereik word.

In die afgelope maande het ek, Annemieke, met 'n vierjarige meisie gewerk wat 80% brandwonde gehad het. Vanaf die oomblik wat sy die Rooi Kruis-hospitaal binne gekom het, het sy met niemand gepraat nie. Dis net haar histeriese huil wat my laat besef het dat sy iets verskrikliks deurgemaak het. Benadering met musiek het aanvanklik glad nie gehelp nie. Tog het ek aangehou en kom drie keer per week na haar bed toe gegaan. Al wat ek kon doen was om vir haar kitaar te speel en te sing. Na 'n paar weke het die histeriese gehuil gestop en was daar net die twee sprekende oë wat my laat raai wat sy dink. Ons aanhoudende musiek het sy aanvaar en sy het naderhand self begin om saam te speel. Sy kies haar eie instrument uit en speel dan minute lank onafgebroke. Weer was daar net haar gesiggie en twee kinderoë wat boekdele spreek … waarvan ek net die betekenis kon raai. Weke het so verbygegaan. Stadig maar seker het daar 'n dialoog in ons musiek ontstaan. Sy reageer op my spel en vice versa. Enorme 'gesprekke' ontstaan in die musiek. Ons laat instrumente praat – gee hulle name. Ons speel dat instrumente kwaad – bang – hartseer – eensaam is. Na vier maande van intensiewe aandag en terapie het sy begin fluister … Nou praat sy weer! Die musiek was vir haar 'n manier om weer vertroue op te bou met die buitewêreld. Dit het haar weer gehelp om haar eie emosies te voel en na buite te bring en uiteindelik om weer so vertroud te raak met haarself en haar omgewing, dat sy weer begin praat het.

Musiek gee kinders 'n manier om te 'praat' oor wat hulle wil vertel. So het ek 'n meisie van vier jaar oud ontmoet wat 50% brandwonde het. In die selfde brand waarin hulle hut verwoes is, het sy ook haar ma verloor.

Die eerste dag in die hospitaal sien ek haar. Groot angstige oë kyk vir my. Ek sien haar hart klop in haar keel, haar hele liggaam is in verbande gedraai ... selfs haar hande was toegedraai met verbande. Toe ek haar vra of sy lus is vir musiek het sy ‘ja’ gefluister.

Na ’n paar sessies het ons besluit om saam ’n storie te maak. Sy vertel vir my ’n storie. Van die storie maak ons saam ’n liedjie wat ek dan vir haar sing. Die liedjie het oor ’n klein meisie gegaan, wat kwaad is vir haar ma. Haar ma het haar laat brand! En omdat die ma dit gedoen het wil die meisie nou nooit meer na haar ma toe gaan nie. Sy sal nou by haar ouma gaan bly …

Hierdie manier van werk, waarin ons stories maak en sing, gebruik ons ook in Heideveld. Ons maak dan saam met die kinders stories waarin hulle die geleentheid kry om te vertel oor alles wat met hulle gebeur. Temas soos bendes, geweld, misbruik, moord, dwelm- en alkoholmisbruik is waaroor die liedjies gaan. Taboe temas waaroor op skool en by die huis nie gepraat word nie. Vir sommige kinders is dit die begin van ’n verwerkingsproses. Vir die eerste keer kry hulle geleentheid om emosies te voel en emosies na buite te bring. So het ons die afgelope maande saam met ’n groep tieners ’n RAP-liedjie geskryf:

We’re sick of violence and hatred
Sick of rape and abuse
We want peace in our life
We want loving...

Die afgelope maande het ek, Dineke, baie gewerk met ’n meisie. Sy het gebrand toe die hut, waar haar familie bly, aan die brand geraak het. Toe ek met haar begin werk het was sy baie stil. Sy het net stil in haar bed gelê en baie min gepraat, my net aangekyk. Die meeste van die kinders word gou depressief wanneer hulle in die hospitaal lê. Baie van hulle moet self die trauma van die ongeluk verwerk. Die verpleegsters het nie tyd om met die kinders te gesels nie. Hulle ouers kan nie altyd kom nie, soms omdat hulle nie genoeg geld het om die reis te betaal nie, soms eenvoudig omdat hulle te ver weg bly, of nie wil kom nie. Sy kan net Xhosa praat (waarin ek op my beurt net ‘Molo sisi’ kan sê). Dus was ek gedwing om alleen die musiek te gebruik om met haar te kommunikeer. In die begin het ek kitaar gespeel en gesing, en sy het klein geluidjies op ’n trommetjie gemaak. Hoe langer ek by haar gekom het, hoe meer het sy uit haar dop gekruip. Ons het gesels deur middel van die musiek. Sy sê iets, ek sê iets. Wanneer sy baie klein geluidjies gemaak het, het ek dit ook gedoen, of haar juis probeer

verlei tot groot, swaar geluide, of baie vinnige spel ens. Stadigaan het ons ‘gesprekke’ vryer geword, sy het gewaag om my meer te vertel en ek het meer van haar gehoor. Elke sessie het ek begin met ’n begroetingsliedjie. Sy het altyd die dinge wat ons gedoen het baie goed in haar opgeneem, en op ’n keer het sy dit self saamgesing.

Toe die meisie meer aan my, die vaste rituele en die volgorde van die sessies gewoond geraak het, het sy meer ekspressief en kreatief geword. Sy het self variasie in die liedjies gebring en verskillende maniere gevind om die instrumente te speel. Sy het grappies gemaak en snaakse gesigte getrek. Sy het meer belangstelling gekry vir die wêreld om haar heen, en selfs my kitaar uitgebreid ondersoek. So het die oomblik gekom dat ons saam luidkeels in opera-styl ‘Molo everybody’ in die saal gesing het. Die stil en afwagtende kind wat in die saal opgeneem is, het as ‘n humoristiese en ekspressiewe meisie uitgestap. Sy het in die musiek ’n kans gekry om weer te speel en kon weer ontspanne kontak met mense maak.

Ons het probeer om met voorbeelde uit die praktyk van ons werk te verduidelik wat kinders self uit die musiek haal. In ons ervaring het die musiek baie betekenis vir hulle. Ook kinders kry in die musiek ’n kans om te wys hoe hulle voel, en wat hul beleef. Nie alle kinders kry die geleentheid vir hierdie vorm van musikale ekspressie nie. Maar tog moet die rol van musiek in die ontwikkelingsproses van kinders nie ondergeskik word nie. ¤